بسم الله الرحمن الرحيم

In die Naam van Allah, die Mees Barmhartige, die Mees Genadige

# ‘N KORT, GEÏLLUSTREERDE GIDS TOT ISLAM

**Eerste Afrikaanse uitgawe**

**Geskryf deur I.A. Ibrahim**

**Vertaal deur R. Boshoff**

Algemene Redakteurs:

**William (Daoud) Peachy**
**Micheal (Abdul-Hakim) Thomas**
**Tony (Abu-Khaliyl) Sylvester**
**Idris Palmer**
**Jamaal Zarabozo**
**Ali Al-Timimi**

Wetenskaplike Redakteurs:

**Prof. Harold Stewart Kuofi**
**Prof. F.A. State**
**Prof. Mahjoub O. Taha**
**Prof. Ahmad Allam**
**Prof. Salman Sultan**
**Medeprofessor H.O. Sindi**

DARUSSALAM

**Darussalam**
**Houston**

# Kopiereg

Kopiereg © 1997, 1996 I.A. Abu-Harb.

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer of in enige vorm, hetsy elektronies of meganies, versend of weergegee word, insluitende fotokopiëring en/of opnames op enige inligtingstoor-en herwinningstelsel, sonder die skriftelike toestemming van die skrywer nie. Uitsondering word gemaak vir herdrukdoeleindes soos hieronder uiteengesit:

# Herdrukdoeleindes:

Die gratis herdruk of reprodusering van hierdie boek as geheel word toegelaat op voorwaarde dat daar absoluut geen verandering, byvoeging of weglating aangebring sal word nie.

Ten einde die hoë kwaliteit van die herdrukke te verseker, kan die skrywer gekontak word om die gratis kopieë van die rekenaardruklêers van hierdie boek te bekom (adres beskikbaar op bladsy 65).

# Die webwerf van hierdie boek:

Hierdie boek, sowel as aanvullende inligting aangaande Islam,

is aanlyn beskikbaar by

**www.islam-guide.com**

2de Uitgawe – 3de Druk

***"Library of Congress"*** katalogus kaartnommer 97-67654

**ISBN:** 9960-34-011-2

Gepubliseer deur Darusslam Uitgewers en Verspreiders, Houston, Texas, VSA

# INHOUDSOPGAWE


VOORWOORD ........................................................ 5

Hoofstuk 1

BEWYSE DAT ISLAM DIE WAARHEID IS ............ 7

1) Wetenskaplike Wonderwerke beskryf in die Heilige Qur'an 7

A. Embrionale Ontwikkeling van die Mens ........................ 8

B. Berge ........................................................................ 13

C. Die Oorsprong van die Heelal.................................... 16

D. Die Serebrum ............................................................ 17

E. Oseane en Riviere ..................................................... 19

F. Die Diepsee en Interne Golwe ................................... 21

G. Wolke ........................................................................ 23

H. Wetenskaplike kommentaar oor die Wonderwerke vervat in die Qur'an ........................................................... 28

2) Die groot uitdaging om een hoofstuk te produseer wat kan vergelyk met 'n hoofstuk in die Qur'an ............................ 32

3) Bybelse Profesies aangaande die koms van Muhammad, die Profeet van Islam ........................................................ 33

4) Verse in die Qur'an wat sekere toekomstige gebeure voorspel ............................................................................ 35

5) Wonderwerke wat verrig was deur die Profeet Muhammad ﷺ ...................................................................... 36

6) Die eenvoudige lewenswyse van die Profeet Muhammad ﷺ 33

7) Die fenomenale groei van die Islamitiese geloof................ 39

Hoofstuk 2

SEKERE VOORDELE VAN ISLAM ................................ 40

1) Die Deur na die Ewige Paradys ......................................... 40

2) Verlossing uit die Vuur van die Hel .................................. 41

3) Ware Geluk en Innerlike Vrede.......................................... 42

4) Vergifnis vir alle Voorafgaande Sondes ............................. 42

## Hoofstuk 3

ALGEMENE INLIGTING AANGAANDE ISLAM ......... 44

Wat is Islam? ..... 44
Sekere Basiese Geloofsoortuigings ..... 44
(1) Geloof in God ..... 44
(2) Geloof in die Engele ..... 46
(3) Geloof in die Heilige Skrifture wat deur God geopenbaar is ..... 46
(4) Geloof in die Profete en Boodskappers van God ..... 46
(5) Geloof in die Oordeelsdag ..... 47
(6) Geloof in Al-Qadar ..... 47
Bestaan daar enige ander Geheiligde Skriftuurlike Bron behalwe die Qur'an? ..... 48
Voorbeelde van die Gesegdes van die Profeet Muhammad ﷺ ..... 48
Wat sê die Qur'an aangaande die Oordeelsdag? ..... 49
Hoe word 'n mens 'n Muslim? ..... 51
Waaroor handel die Qur'an? ..... 52
Wie was die Profeet Muhammad ﷺ? ..... 52
Hoe het die Groei van Islam Wetenskaplike ontwikkeling beïnvloed? ..... 54
Wat glo Muslims aangaande Jesus? ..... 55
Wat sê Islam oor Terrorisme? ..... 57
Menseregte en Geregtigheid volgens Islam ..... 58
Die Status van vroue volgens Islam ..... 60
Die Gesin volgens Islam ..... 61
Hoe behandel Muslims Bejaardes? ..... 61
Wat is die Vyf Pilare van Islam? ..... 62
(1) Die Geloofsbeleidenis ..... 63
(2) Gebed ..... 63
(3) Zakaah ..... 64
(4) Vasting ..... 64
(5) Die Pelgrimstog (Hajj) ..... 65
Islam in die Verenigde State van Amerika ..... 66
Vir verdere Inligting aangaande Islam ..... 67
Vir Kommentaar aangaande hierdie boek ..... 69
Aanvullende leesstof aangaande Islam ..... 69
Verwysings ..... 70

# VOORWOORD

Hierdie boek is geskryf as 'n verkorte handleiding ter verduideliking van die Islamitiese geloof. Die boek bestaan uit drie hoofstukke.

In die eerste hoofstuk, ***Bewyse dat Islam die Waarheid is***, poog ons om sekere vrae te beantwoord wat dikwels gevra word:

- Is die Heilige Qur'an werklik die direkte Woord van God, soos deur Hom geopenbaar?
- Is Muhammad ﷺ (1) werklik 'n Profeet wat deur God uitverkies en aangestel is?
- Is Islam waarlik 'n geloof van God?

In hierdie hoofstuk sal ses bewyse gelewer word:



1) **Wetenskaplike Wonderwerke in die Heilige Qur'an**

   In hierdie afdeling bespreek ons sekere wetenskaplike feite (met illustrasies) wat veertien eeue gelede reeds geopenbeer was en in die Heilige Qur'an opgeteken staan, ten spyte van die feit dat dit eers onlangs deur wetenskaplikes ontdek is.

2) **Die groot uitdaging om een hoofstuk te produseer wat vergelyk met een hoofstuk in die Qur'an**

   God daag die mens uit om een hoofstuk te skryf wat kan vergelyk met 'n hoofstuk in die Qur'an. In die veertien eeue sedert die openbaring van die Heilige Qur'an kon geen mens

(1) Die betekenis van die Arabiese woord ﷺ is: Mag God die aanroep van sy naam ophef en hom beskerm teen enige onvolmaakthede.

nog ooit daarin slaag nie. Dít, ten spyte van die feit dat die kortste hoofstuk in die Qur'an (hoofstuk 108) slegs uit tien woorde bestaan.

**3) Bybelse profesies wat die koms van die Profeet Muhammad ﷺ aankondig**

Onder hierdie opskrif word die tekse uit die Bybel bespreek wat die koms van die Profeet Muhammad ﷺ voorspel.

**4) Verse in die Qur'an wat sekere toekomstige gebeure voorspel**

Die Qur'an voorspel sekere toekomstige gebeure wat wel later plaasgevind het – soos die oorwinning van die Romeinse Ryk oor die Persiese magte.

**5) Wonderwerke wat deur die Profeet Muhammad ﷺ verrig was**

Ten aanskuoe van menige mense het die Profeet Muhammad ﷺ vele wonderwerke verrig.

**6) Die eenvoudige lewenswyse van die Profeet Muhammad ﷺ**

Die feit dat die Profeet Muhammad ﷺ 'n eenvoudige lewe gely het is 'n duidelike bewys daarvan dat hy nie homself as 'n false Profeet verklaar het sodat hy materiële wins, status of bekendheid kon verwerf nie.

Wanneer daar indiepte gekyk word na die bogenoemde bewyse, kan 'n mens duidelik sien dat

- Die Qur'an die direkte Woord van God is wat deur Hom geopenbaar is
- Muhammad ﷺ die uitverkore Profeet van God is
- Islam die ware geloof van God is

Indien 'n mens probeer vasstel of 'n geloof werklik van God afkomstig is en of dit die waarheid of 'n valse geloof is, is dit belangrik om nie toe te laat dat jou emosies, gevoelens en kulturele- en familietradisies jou ondersoek daarvan beïnvloed nie. Dit is van

uiterse belang dat ‘n mens rasioneel en met intelligensie na die saak kyk.

Elke keer wanneer God ‘n Profeet uitverkies het, het Hy hom gestuur na die mens en hom bemagtig om sekere wonderwerke te kan verrig sodat hierdie wonderwerke die geldigheid van sy profeetskap aan die mense kon bevestig. Hierdie wonderwerke het bo enige twyfel as bewys gedien dat die spesifieke Profeet deur God uitverkies is en dat die leerstelling wat hy verkondig dus ook van God afkomstig is.

In die tweede hoofstuk, ***Sekere Voordele van Islam***, word die volgende bespreek:

- Die Deur na die Ewige Paradys
- Verlossing uit die Vuur van die Hel
- Ware Geluk en Innerlike Vrede
- Vergifnis vir Alle Voorafgaande Sondes

In die derde hoofstuk, Algemene Inligting aangaande Islam, poog ons om sekere wanopvattings aangaande Islam reg te stel en om algemene vrae te beantwoord, soos byvoorbeeld:

- Wat sê Islam oor terrorisme?
- Wat is die status van vroue volgens Islam?

# HOOFSTUK 1


# BEWYSE DAT ISLAM DIE WAARHEID IS

God het Sy finale Profeet – die Profeet Muhammad ﷺ – met vele wonderwerke bemagtig om die geldigheid van sy profeetskap aan die mens te bewys en sodoende te bevestig dat hy 'n ware Profeet van God is. Op dieselfde wyse het God ook Sy finale geopenbaarde Skrif – die Heilige Qur'an – gevul met vele wonderwerke sodat hierdie Heilige Skrif beskerm kon word en sodat dit as 'n bewysstuk kon dien dat dit wél van God afkomstig is en dat dit die direkte Woord van God is.

Hierdie hoofstuk beskryf die bewyse daarvan:

## 1) Wetenskaplike Wonderwerke in die Heilige Qur'an

Die Heilige Qur'an is die direkte Woord van God wat Hy deur die Engel Gabriël aan die Profeet Muhammad ﷺ geopenbaar het. Omdat die Profeet 'n ongeletterde man was, het hy die Qur'an gememoriseer en dit dan aan sy metgeselle gedikteer. Húlle het dit ook gememoriseer en dit daarna neergeskryf waarna hulle dit bevestig het in die Profeet Muhammad ﷺ se teenwoordigheid. Een maal per jaar het die Profeet al die hoofstukke van die Qur'an aan die Engel Gabriël voorgedra sodat hy kon bevestig dat daar geen veranderinge ingesluip het nie. Tydens die laaste jaar van sy lewe, het die Profeet Muhammad ﷺ die Qur'an twee keer hersien in die teenwoordigheid van die Engel Gabriël.



In Islam is die beskerming en bewaring van die oorspronklike, direkte woorde van die Qur'an van uiterse belang, juis omdat ons glo dat dit die direkte Woorde van God is. Om hierdie rede was daar reg uit die staanspoor 'n groot poging aangewend om hierdie Geheiligde Skrif te memoriseer sodat geen mens ooit die geringste letter daarvan kon verander nie. Selfs al sou elke geskrewe eksemplaar verbrand word, sou die Woorde nooit tot niet kan gaan nie want daar is eenvoudig te veel Muslims wat die oorspronklike woorde gememoriseer het. Daar is selfs kinders onder die ouderdom van tien wat die Qur'an reeds gememoriseer het. As gevolg van hierdie feit, het daar nog nooit 'n enkele letter in die Heilige Qur'an verander nie. Elke letter van elke woord het behoue gebly deur die laaste veertien eeue heen.

In die Heilige Qur'an word daar verwys na sekere wetenskaplike feite wat op daardie stadium (veertien eeue gelede) nog nie bekend was nie. Wetenskaplikes het dit eers onlangs ontdek en bewys. Selfs al kyk 'n mens slegs na die wonderbaarlike manier waarop die woorde onveranderd gebly het, en die feit dat wetenskaplikes onlangs eers die feite wat daarin opgeteken staan kon bewys, sou dit reeds 'n genoegsame bewys lewer dat die Heilige Qur'an die direkte Woord van God is, dat Hy dit aan die Profeet Muhammad ﷺ geopenbaar het en dat dit ongetwyfeld nie deur Muhammad ﷺ of enige ander mens geskryf was nie. Dit bewys ook dat die Profeet Muhammad ﷺ ongetwyfeld die uitverkore Boodskapper van God is. Dit staan bo enige twyfel dat geen mens veertien eeue gelede bewus sou kon wees van die wetenskaplike feite wat in die Qur'an beskryf word nie. Met behulp van gevorderde, moderne toerusting en gesofistikeerde wetenskaplike metodes kon die woorde wat opgeteken staan in die Qur'an onlangs eers bevestig word.

Kom ons kyk na voorbeelde van wetenskaplike feite, soos beskryf in die Qur'an:

## A. Embionale Ontwikkeling van die Mens:

In die Heilige Qur'an maak God melding van die embrionale ontwikkeling van die fetus:

***﴿Voorwaar, Ons het die mens geskape uit 'n ekstrak van klei [water en minerale]. Daarna het Ons hom as 'n klein druppel [sperm] in 'n veilige plek besorg [baarmoeder], stewig vasgeheg [aan die wand van die baarmoeder deur middel van die plasenta]. Daarna vorm Ons die druppel in 'n bloedstolsel [alaqah: 'n bloedklont was lyk soos 'n bloedsuier]... en so ontwikkel Ons dit tot 'n nuwe skepsel [mudghah: iets was lyk of dit gekou is]. Geseënd is Allah, die Beste Skepper.﴾*** [(1)]

***Qur'an 23:12-14***

Die Arabiese woord ***Alaqah*** het letterlik drie betekenisse:

1. 'n Bloedsuier

2. 'n Hangende ding

3. 'n Bloedklont

Wanneer 'n mens sou kyk na die ontwikkeling van 'n embrio in die ***Alaqah*** stadium en dit vergelyk met 'n bloedsuier, is daar 'n duidelik sigbare ooreenkoms in die voorkoms, soos voorgestel in figuur 1 hieronder.[(2)] Net soos wat 'n bloedsuier vir sy voedingstowwe afhanklik is van sy gasheer se bloed, is die embrio ook afhanklik van die moeder se bloed vir al sy voedingstowwe.[(3)]


---

(1) Neem asseblief kennis dat die teks tussen die aanhalingstekens slegs 'n verduideliking is van die oorspronklike teks in die Arabiese taal. Slegs die Arabiese weergawe van die Heilige Qur'an word as die Qur'an erken.


(2) The Developing Human, Moore en Persaud, 5de uitgawe, bl.8

(3) Human Development as Described in the Qur'an and Sunnah, Moore et al, bl.36


Die tweede betekenis van die woord Alaqah is "'n hangende ding." In figuur 2 en 3 hieronder kan 'n mens duidelik sien dat dit lyk asof die embrio aan die wand van die baarmoeder hang tydens die Alaqah stadium.



**Figuur 1:** Die duidelike ooreenkoms in voorkoms tussen die menslike embrio en 'n bloedsuier tydens die derde week van embrionale ontwikkeling.




**Figuur 2:** Die hegting van die embrio tydens die Alaqah stadium. Dit lyk asof dit hang aan die wand van die baarmoeder.




**Figuur 3:** Die ware grootte van die menslike embrio op hierdie stadium is 0.6mm.

Die derde betekenis van die woord Alaqah is “bloedklont.” Wanneer ‘n mens die eksterne voorkoms van die embrio bestudeer tydens hierdie fase van ontwikkeling, lyk dit soos ‘n bloedklont weens die feit dat daar ‘n relatiewe hoë hoeveelheid bloed in die embrio aanwesig is. Tydens hierdie fase van ontwikkeling is daar ‘n baie primitiewe kardiovaskulêre stelsel aanwesig en op hierdie stadium vind daar nog geen bloedsirkulasie plaas nie. Die sirkulasie van bloed begin eers ná die derde week.




**Figuur 4:** Die aanwesigheid van ‘n primitiewe kardiovaskulêre stelsel is duidelik sigbaar. Aangesien die bloed nog nie sirkuleer nie is daar ‘n hoë hoeveelheid bloed in die embrio wat dit die voorkoms van ‘n bloedklont verleen.

Die verduideliking van die embrionale ontwikkeling – soos weergegee in die Heilige Qur’an – kan dus duidelik waargeneem word wanneer die betekenis van die woord Alaqah ondersoek word.


Die volgende ontwikkelingsfase van die embrio wat in die Qur’an na verwys word is die Mudghah fase. Die Arabiese woord Mudghah beteken “iets wat lyk asof dit gekou is.” As ‘n mens ‘n stuk kougom sou kou en dit vergelyk met die embrio tydens hierdie fase van ontwikkeling, kan jy ‘n duidelike ooreenkoms sien. Dit is die somiete aan die rugkant van die embrio wat aan die embrio ‘n voorkoms van bytmerke verleen. (Verwys na figure 5 en 6 hieronder.)

Daar bestaan geen moontlikheid dat Muhammad ﷺ veertien eeue gelede persoonlike kennis kon gedra het van al hierdie informasie

nie. Daar was geen mikroskope of gesofistikeerde wetenskaplike toetse en toerusting beskikbaar tydens sy leeftyd nie.



**Figuur 5:** Die Mudghah stadium – die embrio op 28 dae na bevrugting. Dit het die voorkoms van ‘n stuk gekoude kougom met die somiete (selgroepe wat ‘n primitiewe ruggraat vorm) wat die voorkoms het van bytmerke.




**Figuur 6:** A: Skets van ‘n embrio tydens die mudghah stadium. Somiete vorm die spier-en bindweefsel van die liggaam. Dit differensiëer om dele van die skelet (ruggraat en ribbes) te vorm, asook dele van die vel. B: Op hierdie stadium lyk die embrio asof dit bytmerke het aan die rugkant - soos ‘n stuk gekoude kougom.

In 1677 het die wetenskaplikes, Hamm en Leeuwenhoek, vir die eerste keer na spermselle (spermatozoa) gekyk met behulp van ‘n gevorderde mikroskoop. Dit was meer as 1000 jaar ná die Profeet ﷺ se leeftyd. Hulle was onder die wanindruk dat elke spermsel ‘n miniatuur, perfek gevormde mens bevat wat dan begin groei nadat dit in die vroulike geslagskanaal gedeponeer word.(1)

Professor Emeritus Keith L. Moore is een van die wêreld se mees prominente wetenskaplikes. Hy is bekend vir sy studies in Anatomie en Embriologie en is die outeur van die boek, ***The Developing Human***, wat in agt tale vertaal was. Hierdie boek is ‘n wetenskaplike verwysingshandboek en was aangewys deur ‘n spesiale kommittee in die VSA. as die beste boek geskryf deur ‘n enkel outeur.

Dr. Keith L. Moore is Professor Emeritus in Anatomie en Sitologie (die studie van die struktuur en funksionering van selle) by die Universiteit van Toronto in Kanada. Hy was mededekaan in Basiese Wetenskappe aan die Departement van Geneeskunde, en vir agt jaar was hy ook die voorsitter van die Departement van Anatomie. In 1984 het die Kanadese Vereniging van Anatomiste aan hom die JCB Toekenning oorhandig vir sy bydrae tot die studie van anatomie.

Prof. Moore was ook die Direkteur van verskye prominente organisasies, soos die Kanadese-en Amerikaanse Vereniging van Anatomiste, en het ook op die raad gedien van die Unie van Biologiese Wetenskappe.

In 1981, tydens die sewende mediese konferensie in Dammam, Saoedi-Arabië, het Prof. Moore gesê: “Dit was vir my ‘n geweldige voorreg om die stellings aangaande menslike ontwikkeling wat in die Qur’an vervat is te help verduidelik. Dit is vir my duidelik dat hierdie stellings deur God aan Muhammad ﷺ geopenbaar was. Die meeste van hierdie feite aangaande menslike ontwikkeling was eers eeue later ontdek. Dit is vir my ‘n bewys dat Muhammad ﷺ wel ‘n Profeet van God was.” (2)

---

(1) The Developing Human, Moore en Persaud, 5de uitgawe, bl.9

(2) Bron: This is the Truth (video opname) – besoek ons webwerf www.islam-guide.com/truth vir ‘n kopie van Professor Moore se toespraak.

Gevolglik was die volgende vraag aan Prof. Moore gestel: “Beteken dit dat u glo dat die Qur’an die Woord van God is?” Sy antwoord hierop was: “Ek vind geen rede om dit nie te aanvaar nie.” [(1)]

Tydens die konferensie het Professor Moore die volgende stellings gemaak:

“Omdat embrionale ontwikkeling so kompleks is weens die voortdurende proses van verandering en ontwikkeling, stel ek voor dat ‘n nuwe klassifikasiestelsel saamgestel moet word deur gebruik te maak van die terme wat in die Qur’an en die Sunnah[(2)] opgeteken staan. Hierdie klassifikasiestelsel is eenvoudig en omvattend, en dit stem ooreen met huidig beskikbare embriologiese kennis. Die intensiewe studies wat oor

die afgelope vier jaar onderneem is in die Qur’an en die Ahadith[(3)] het ‘n duidelike klassifikasiestelsel vir die menslike embrionale ontwikkeling onthul wat opsigself verstommend is omdat dit reeds tydens die 7de eeu n.C. aangeteken was.

Alhoewel Aristoteles – pionier op die gebied van embriologiese wetenskappe – reeds gedurende die 4de eeu v.C hoendereiers bestudeer het en besef het dat die embrios van kuikens in stadiums ontwikkel, het hy geen geskrewe verslag nagelaat wat sy navorsing aangaande hierdie stadiums beskryf het nie. So vêr as wat my kennis strek was daar geen studies geloots in die menslike embrionale ontwikkeling of klassifikasie voor die twintigste eeu nie. As gevolg van hierdie feit is dit dus onmoontlik dat die beskrywings van embrionale ontwikkeling wat opgeteken staan in die Heilige Qur’an enigsins afkomstig was van beskikbare wetenskaplike kennis tydens die 7de eeu.

---

(1) This is the Truth (video opname).

(2) Sunnah: Alles wat die Profeet Muhammad ﷺ gesê, gedoen en goedgekeur het.

(3) Ahadith: ‘n Betroubare verslag wat opgestel is deur die Profeet Muhammad ﷺ se metgeselle waarin alles wat hy gesê, gedoen, afgekeur of goedgekeur het opgeteken staan.

Die enigste rasionele gevolgtrekking wat gemaak kan word is dat God hierdie beskrywings aan die Profeet Muhammad ﷺ geopenbaar het. Die Profeet ﷺ was 'n ongeletterde man met absoluut geen wetenskaplike opleiding nie en daarom is dit ondenkbaar dat hy oor hierdie kennis sou beskik." (1)

## B. Berge:

Die boek, ***Earth,*** is 'n verwysingshandboek wat dwarsoor die wêreld in universiteite gebruik word. Een van die outeure van hierdie boek is Professor Emeritus Frank Press. Hy het gedien as Wetenskaplike Raadgewer aan die voormalige President van die VSA., President Jimmy Carter, en vir twaalf jaar was hy ook die President van die Nasionale Akademie van Natuurwetenskappe in Washington D.C.

In sy boek beskryf hy dat berge "wortels" het. Hierdie "wortelstelsel" is diep onder die grond ingebed en verleen dus aan 'n berg die vorm van 'n pen (soos 'n tentpen of 'n wasgoedpennetjie – verwys na figure 7, 8 en 9). (2)

Die Heilige Qur'an beskryf berge as volg:

***﴾Het Ons nie die aarde wyd gemaak en die berge soos penne daarop geplaas nie?﴿***


***Qur'an, 78:6, 7***

Moderne studies in Geowetenskappe (die studie van die die aarde – insluitende riviere, mere, berge, die atmosfeer ens.) het bewys dat berge diep wortels het wat onder die grondoppervlak verborge lê en dat hierdie verborge deel van 'n berg dikwels 'n paar keer groter is as die hoogtes wat die berg bó die oppervlak van die aarde bereik


(1) This is the Truth (video opname) – besoek ons webwerf www.islam-guide.com/truth vir 'n kopie van Professor Moore se toespraak.

(2) Earth, Press en Siever, bl.435. Verwys ook na Earth Science, Tarbuck en Lutgens, bl.157.


(verwys na figuur 7 en 8).[1]




**Figuur 7:** Berge het wortels wat diep in die grond indring. Die grootste deel van 'n berg is ondergronds. (Earth, Press en Siever, bl.413.)




**Figuur 8:** Skematiese voorstelling van die 'wortelstelsel' van berge. (Anatomy of the Earth, Cailleux, bl. 220.)



**Figuur 9:** Verdere illusrasie van hoe berge in die grond 'vasgepen' is. (Earth Science, Tarbuck en Ludgens, bl. 158.)

Op grond van die bogenoemde inligting, is dit dus duidelik dat die mees geskikte woord wat gebruik kan word om 'n berg te

(1) The Geological Concept of Mountains in the Qur'an, El-Naggar, bl. 5.

beskryf wel die woord "pen" is, aangesien die grootste deel van 'n pen (soos 'n tentpen) in die grond ingedryf word en dus onder die grond versteek is.

In 1865 het die bekende sterrekundige en wiskundige – Sir George B. Airy – vir die eerste keer met die teorie na vore gekom dat berge diep wortels het wat dit in die grond vaspen.[(1)] Berge speel ook 'n baie belangrike rol in die stabilisering van die aardkors[(2)] en verhinder die skudding van die aarde.

God sê in die Qur'an:

***{En Hy het ferm berge op die aarde geplaas sodat dit nie saam met julle sal wankel nie ...}***
***Qur'an, 16:15***

In 1918 het die Duitse geofisikus, Alfred Wegener, die Teorie van Kontinentale Verskuiwing (drywing) voorgestel waarin hy beweer het dat die aarde uit tektoniese plate bestaan wat verskuif en van mekaar af wegdryf. Hy het beweer dat berge as stabiliseerders dien tydens hierdie tektoniese verskuiwings. Wetenskaplikes het eers tydens die laat 1960[(3)] begin kennis inwin aangaande die stabiliseringsrol van berge met betrekking tot tektoniese plaatverskuiwing.



(1) Earth, Press en Siever, bl. 435 – asook The Geological Concept of Mountains in the Qur'an, bl. 5

(2) The Geological Concept of Mountains in the Qur'an, bl. 44, 45.

(3) The Geological Concept of Mountains in the Qur'an, bl. 5.

Bestaan daar ‘n moontlikheid dat enige iemand tydens die Profeet Muhammad ﷺ se leeftyd bewus kon gewees het van hierdie wetenskaplike feite? Is dit moontlik dat enige mens, tydens die 7de eeu, na ‘n massiewe berg kon gekyk het en oor die kennis beskik het dat daardie berg in die grond ingewortel was, en dat die grootste deel van daardie berg onder die grond versteek was? Met behulp van moderne geologiese toerusting en metodes, het wetenskaplikes hierdie feite eers onlangs ontdek en sodoende die waarheid van die verse van die Heilige Qur’an bevestig.



## C. Die Oorsprong van die Heelal

Die studie van die oorsprong van die heelal in die moderne wetenskappe word Kosmologie genoem. Beide teoreties, en volgens waarneming, dui alle studies aan dat die heelal oorspronklik uit niks anders as ‘n “gaswolk” bestaan het nie – ‘n ondeursigtige, digte, warm gassamestelling.[1] Hierdie is ‘n onbetwisbare beginsel van moderne Kosmologie.

Met behulp van moderne instrumente en toerusting is wetenskaplikes vandag daartoe in staat om die geboorte van nuwe sterre waar te neem. Hierdie sterre ontstaan uit die oorblyfsels van daardie oorspronklike “wasem” (verhitte gas) wat steeds in die hemelruim beskikbaar is (verwys na figure 10 en 11 hieronder).



**Figuur 10:** ‘n Nuwe ster vorm uit ‘n kolkende wolk gas en ruimtestof – dieselfde materiaal waaruit die heelal ontstaan het.

(1) The First Three Minutes, A Modern View of the Origin of the Universe, Weinberg, bl. 94 – 105.



**Figuur 11:** Nebulosa Laguna – 'n Newel is 'n massa kolkende gas en ruimtestof waaruit nuwe sterre gebore word. Hierdie Newel is ongeveer 60 ligjare in deursnit. Nuutgevormde sterre verhit, en die ultravioletbestraling veroorsaak 'n kernreaksie met die gas waardeur dit omring word.

Die helder sterre wat ons snags kan waarneem was eens, net soos die heelal, in daardie oorspronklike gastoestand.

God sê in die Qur'an:

***﴾ Daarna het Hy Hom tot die Hemel gewend – en dit was 'n soort wasem ...﴿***

***Qur'an, 41:11***

Omdat die aarde en die hemele (die son, maan, sterre en die sterrestelsel) uit dieselfde "wasem" gevorm is, kan ons die gevolgtrekking maak dat die aarde en die hemel oorspronklik een enkele entiteit was wat daarna, vanuit dieselfde homogene gas (wasem) gevorm en van mekaar geskei was. God sê:

***﴾Sien die ongelowiges nie dat die hemele en die aarde toegemaak was, en dat Ons dit weer oopgemaak het nie? ...﴿***

***Qur'an, 21:30***

Prof. Alfred Kröner – 'n wêreldbekende Geoloog en die voorsitter van die Departement van Geologie by die Instituut van Geologiese Wetenskappe, Johannes Gutenberg Universiteit in Mainz, Duitsland – het die volgende stelling gemaak:

"Wanneer 'n mens dink aan waar Muhammad vandaan gekom het, is dit byna onmoontlik dat hy oor eerstehandse kennis aangaande die gemeenskaplike oorsprong van die heelal kon beskik het. Met behulp van baie ingewikkelde en gevorderde tegnologiese metodes het wetenskaplikes eers onlangs ontdek dat dit in werklikheid die geval is." Prof. Kröner het ook verder opgemerk: "Ek glo nie dat iemand wat veertien eeue gelede oor geen kennis van kernfisika beskik het in 'n posisie sou wees om hierdie feite – soos die gemeenskaplike oorsprong van die hemel en die aarde – uit sy eie gedagtes te kon vasstel nie."[1]

## D. Die Serebellum

Toe een van die grootste vyande van die Profeet Muhammad ﷺ hom verbied het om by die Ka'bah te bid, het God die volgende woorde geopenbaar:

***﴾Nee! As hy nie staak daarmee nie, sal Ons hom aan die voorhoof (naseyah) gryp, die voorhoof wat lieg en sondig!﴿***

***Qur'an, 96:15, 16***

Waarom beskryf God in die Qur'an die voorhoof (naseyah) as 'n leuenaar en sondig? Waarom het God nie net gesê dat die mens 'n sondige leuenaar is nie? Wat is die verband tussen die voorhoof, leuens en sondigheid? As 'n mens sou kyk na die gedeelte van die mens se brein wat agter die voorhoof geleë is, vind jy die Frontale Lob van die Serebrum (verwys na figuur 12).

Die boek, **Essentials of Physiology and Anatomy**, verduidelik die fisiologiese funksies van hierdie deel van die brein as volg:


"Die beplannng van willekwurige (doelgerigte) bewegings en die motivering om dit te inisieer vind plaas in die agterste gedeelte van

(1) This is the Truth (video opname) – besoek ons webwerf www.islam-guide.com/truth vir 'n kopie van Professor Kröner se toespraak.

die Frontale Lob – geleë in die Prefrontale Korteks."[1] Die boek meld ook verder: "…met betrekking tot die Prefrontale Korteks se betrokkenheid by motivering, is daar bevind dat die Prefrontale Korteks ook die funksionele oorsprong van aggressie is."[2] [Hierdie deel van die brein is betrokke by verskeie psigiese funksies, soos impulsbeheer, oordeel, probleemoplossing, beplanning, sosiale gedrag, taal en geheue.]

Die Frontale Lob van die Serebrum is dus die area van die brein wat verantwoordelik is vir die beplanning en motivering agter die inisiëring van beide positiewe (regverdige) en negatiewe (sondige) gedrag. Dit is ook waar die besluit geneem word om die waarheid te praat, of leuens te vertel.

Dit is dus gepas dat die woorde, "die voorhoof wat lieg en sondig" gebruik word wanneer God verwys na 'n persoon wat 'n leuenaar is en teen Hom gesondig het. Volgens Professor Keith L. Moore, het Wetenskaplikes eers onlangs ontdek dat die Frontale Lob van die Serebrum die oorsprong is van sondige gedrag en leuens.[3]



**Figuur 12:** Die funksionele streke van die linker hemisfeer van Serebrale Korteks. Die Prefrontale area is die voorste deel van die Serebrale Korteks.

(1) Essentials of Physiology and Anatomy, Seeley et al., bl.211 asook The Human Nervous System, Noback et al., bl. 410, 411

(2) Essentials of Physiology and Anatomy, Seeley et al., bl. 211

(3) Al-E'jaz Al-Elmy fee al-Naseyah (The Scientific Miracles in the Forehead), Moore et al., bl. 41

## E. Oseane en Riviere

Moderne wetenskaplikes het eers onlangs ontdek dat daar ‘n versperring bestaan waar twee waterliggame ontmoet (bv. die Indiese- en Atlantiese oseane, of ‘n rivier wat in die oseaan invloei).

Byvoorbeeld: Die water van die Middellandse See is warm en die sout inhoud, en dus ook die digtheid van die water, is laer as die digtheid van die koue Atlantiese Oseaan. Hierdie twee waterliggame ontmoet by Die Straat van Gibraltar – die enigste natuurlike koppelling tussen die twee waterliggame. Elke watermassa het sy eie digtheid, soutgehalte en temeratuur.(4) As gevolg van die verskil in digtheid, sout inhoud en temperatuur, bly die watermassa met die hoogste digtheid geskei van die watermassa met die laagste digtheid – soos duidelik sigbaar op die foto hieronder.



*Twee oseane ontmoet by die Straat van Gibraltar.*


Die water van die Middellandse See beweeg ‘n paar honderd kilometers in die Atlantiese Oseaan in teen ‘n diepte van bykans 1000 meter sonder om enigsins te meng. Die twee watermassas lê sy-aan-sy, elk met sy eie temperatuur, soutgehalte en digtheid. Dit is eers op die diepte van 1000 meter wat die water stadig begin meng en die digtheid-en sout inhoud uitgeruil word totdat die water dan stabiliseer (verwys na figuur 13). Alhoewel albei hierdie

(4) Principals of Oceanography, Davis, bl. 92, 93.

waterliggame oor groot golwe, sterk seestrome en getye besit, oorskry hulle nie hierdie grense nie. Met betrekking tot hierdie onsigbare versperring tussen oseane, sê God in die Heilige Qur'an:

***﴾Hy het die twee watermassas vry laat vloei, en mekaar laat ontmoet: tussen hulle is 'n versperring wat die twee nie kan oorskry nie.﴿***

***Qur'an, 55: 19, 20***




**Figuur 13:** Skets van die Middellandse See waar dit die Atlantiese Oseaan ontmoet by die Straat van Gibraltar. Elke waterliggaam het sy eie sout inhoud, digtheid en temperatuur en bly van mekaar geskei tot op die diepte van 1000m. Die temperatuur word aangedui in ˚C.

Waar God melding maak van die ontmoeting tussen varswaterbronne en die Oseaan (soos by riviermondings) noem Hy egter hierdie versperring "'n ondeurdringbare versperring."

***﴾En dit is Hy wat die twee watermassas saamgesmelt het, die een soet en smaaklik, en die ander souterig en bitter. En tussen die twee het Hy 'n skeiding geplaas – 'n ondeurdringbare vesperring.﴿***


***Qur'an, 25: 53***

Die verskil in die keuse van God se Woorde laat 'n mens wonder hoekom Hy net praat van 'n ***versperring*** tussen twee soutwater massas, maar 'n ***ondeurdringbare versperring*** wanneer Hy praat van vars water en see water wat saamvloei.

Wetenskaplikes het ontdek dat daar 'n verskil is tussen die samevloeiing van twee soutwaterliggame (soos by die Straat van Gibraltar) en Riviermondings, waar vars (soet) water en soutwater ontmoet.

Wetenskaplikes het bevind dat daar 'n gestratifiseerde 'oorgangslaag' bestaan waar die digtheid en sout inhoud van die vars water geleidelik verhoog word totdat dit dieselfde konsentrasie sout bevat as die seewater.[1] Terselfdertyd verander die water se temperatuur ook geleidelik totdat dit dieselfde temperatuur as die seewater is. Riviermondings dien dus as 'n tipe verwerkingsaanleg waar vars water in soutwater omskep word.

Hierdie gestratifiseerde oorgangslaag het dus 'n totale verskillende digtheid, sout inhoud en temperatuur as beide die vars water en seewater (verwys na figuur14).[2]




**Figuur 14:** Lengtesnit wat die soutgehalte (sout inhoud per kubieke liter) in die riviermond aandui. Die gestratifiseerde oorgangslaag (skeiding) tussen vars-en soutwater bronne is duidelik sigbaar.

Al hierdie inligting is eers onlangs ontdek met behulp van gevorderde moderne toerusting wat waterdigtheid, soutgehalte, temperatuur en suurstofoplosbaarheid kan meet. Behalwe vir die feit dat ons somtyds 'n verskil kan sien in die kleur op die wateroppervlak, kan ons nie met die blote oog enige ander verskil sien tussen die twee waterliggame wanneer dit saamvloei nie.

---

(1) Oceanography, Gross, bl. 242 asook Introductory Oceanography, Thurman, bl. 300, 301.

(2) Oceanography, Gross, bl. 244 asook Introductory Oceanography, Thurman, bl. 300, 301.

Ons kan ook nie met die blote oog onderskeid tref tussen die drie verkillende tipes water (vars water, soutwater en die gestratifiseerde oorgangslaag) in riviermondings nie.

## F. Die Diepsee en Interne golwe


God sê in die Qur'an:

***﴾...Of soos die duisternis onder 'n diep see, waar golf bo golf hom oorstelp, en waarbo 'n wolk is met duisternis bo duisternis – wanneer hy sy hand uitstrek, kan hy dit skaars sien. En die een aan wie Allah geen lig gegee het nie, vir hom sal daar geen lig wees nie.﴿***

***Qur'an, 24: 40***

In hierdie teks maak God melding van die oorweldigende duisternis van die diepsee. Dit is so 'n digte donkerte dat 'n mens nie jou eie hand voor jou oë kan sien nie. Hierdie soort duisternis kan slegs 'waargeneem' word op 'n diepte van 200m en dieper. Teen daardie diepte is die watermassa bo jou so groot, dat die sonlig al hoe minder daardeur kan filtreer (verwys na figuur 16). Teen 'n diepte van 1000m is dit pikdonker. Geen lig kan teen daardie diepte infiltreernie.[1]

(1) Oceans, Elder en Pernetta, bl. 27




**Figuur 15:** Tussen 3 en 30 persent van die sonlig, reflekteer op die wateroppervlak. Bykans al die ander kleure in die spektrum word op verskeie dieptes geabsorbeer in die water. Slegs die Blou kleur penetreer dieper as 200m.



Diepsee duikers kan nie dieper as 40m duik sonder die gebruik van moderne, hoogs-gesofistikeerde duiktoerusting of ‘n duikboot nie. ‘n Mens kan nie sonder hulp en hulpmiddels in die diepste duisternis van die oseane oorleef nie. Dit is bykans onmoontlik vir ‘n duiker om sonder hulp teen ‘n diepte van 200m onder seevlak te duik.

Spesialis duikers en wetenskaplikes het maar onlangs eers met behulp van duikbote en gespesialiseerde beligting die diepsee, en alles wat daarin opgesluit lê, ontdek.

Die teks wat uit die Qur’an hierbo aangehaal is meld die volgende woorde:


﴾ ***…in ’n diep see, waar golf bo golf hom oorstelp, en waarbo ’n wolk is met duisternis bo duisternis…*** ﴿

Dit is eers nou dat ons werklik die betekenis van hierdie woorde kan verstaan. Die diepste dele van die see is bedek met golwe, en bo hierdie golwe is nog golwe. Duidelik verwys hierdie tweede stel golwe na die oppervlaksgolwe wat ons met ons oë kan waarneem omdat God dan verder melding maak daarvan dat hierdie tweede stel golwe gevolg word deur wolke.

Kom ons kyk nou na die eerste golwe waarvan God melding maak:

Wetenskaplikes het ontdek dat daar interne golwing bestaan wat op verskillende digtheidsvlakke tussen lae van verskillende digthede voorkom.[1]

Net soos oppervlaksgolwe, kan hierdie interne golwe ook breek. Interne golwe kan nie met die blote oog waargeneem word nie en kan slegs met behulp van gesofistikeerde tegnologiese toerusting bestudeer word wat die temperatuurwisseling en soutkonsentrasie kan meet op 'n spesifieke plek.[2]



**Figuur 16:** Interne golwe wat op verskillende digtheidsvlakke plaasvind. Hoe dieper die water is, hoe hoër is die digtheid.

## G. Die Wolke

Metereoloë het wolkvorming bestudeer en gevind dat reënwolke volgens 'n definitiewe stelsel gevorm word. Sekere soorte winde, en sekere soorte wolke vorm deur spesifieke stappe in hierdie stelsel te volg.

Een soort reënwolk word Cumunolimbus genoem. Hierdie is die

(1) Oceanography, Gross, bl. 205
(2) Oceanography, Gross, bl. 205


swaarste, mees laagliggende tipe wolk wat sowat 3km bo seevlak ontwikkel. Hierdie wolke se vorming, asook die manier waarop hulle reën, hael en weerlig produseer is indiepte bestudeer. Daar is bevind dat hierdie wolke deur die volgende stappe gaan om reën te produseer:

**1) Wolke word deur Winde (lugstrome) Aangewaai:**



Wolke vorm wanneer die lug wat deur die aardse bestraling verwarm word, opwaarts beweeg en verkoel, totdat dit doupunt bereik. Op hierdie stadium vorm waterdamp wat dan kondenseer en klein yskristalletjies vorm wat daarna saampak om wolke te vorm. Hierdie yskristalletjies is deurlopend in beweging terwyl hulle in die lug hang en aan opwaartse lugstrome onderwerp word.

As gevolg van hierdie opwaartse beweging, bots die kristalle met mekaar en dan begin hulle saam groepeer. Sodra die atmosferiese omstandighede toedra daartoe dat hierdie wolke te swaar word, is daar dan ‘n neerslag (reën). Lugstrome is dus verantwoordelik vir die vorming van wolke (verwys na figure 17 en 18).




**Figuur 17:** Hierdie satelliet foto wys hoe die wolke deur lugstrome aangedryf word en dan akumuleer by punt A en B. Die pyltjies dui die windrigtings aan.




Figuur 18: Hierdie foto dui duidelik aan hoe die lugstrome die ligter (Cumulus) wolkies aandryf tot op die horison, waar hulle dan saampak om 'n swaarder Cumunolimbus wolk te vorm.



## 2) Groepering:

Die aanhoudende beweging van lugstome in 'n opwaartse beweging, veroorsaak dat die kleiner wolkies saam groepeer en swaarder word (verwys na figuur 18 en 19). [1] In figuur 19 (A) hieronder kan 'n mens die geïsoleerde Cumulus wolkies waarneem. Wanneer hierdie kleiner wolkies saampak, verhoog die interne opwaartse lugstroming (B) in die groter wolk wat veroorsaak dat dit saampak en swaarder word.





Figuur 19: Water druppels word aangedui deur *

(1) The Atmosphere, Anthes et al., bl. 268, 269 asook Elements of Meteorology, Miller en Thomson, bl. 141

### 3) Opstapeling:

Soos reeds genoem vind daar ‘n verhoging plaas in die opwaartse lugstroming sodra hierdie Cumulus wolkies begin saampak. Hierdie opwaartse lugstroming is hoër in die middel van die wolk as wat dit aan die kante is.[1] As gevolg van hierdie lugstroming stapel die wolke in ‘n vertikale kolom opmekaar (verwys na figure 19, 20 en 21).

Omdat die Cumunolimbus wolk in ‘n vertikale kolom groei, strek die boonste deel van hierdie wolk tot in kouer atmosferiese temperature. As gevolg hiervan begin water druppels en hael vorm wat dan groter en groter groei. Wanneer hierdie water druppels of hael te swaar word, en die opwaartse lugstrome nie meer sterk genoeg is om dit in die lug te hou nie, vind daar ‘n neerslag (of storting) van reën of hael plaas.[2]



**Figuur 20:** ‘n Cumunolimbus wolk. Hierdie skets dui die opwaartse lugstroming aan. Wanneer die wolk te hoog en swaar word, vind daar ‘n neerslag plaas. (Weather and Climate, Bodin, bl.123)

(1) Opwaartse lugstroming is sterker in die middel van die wolk omdat dit beskerm word deur die verkoelingseffek van die buitenste dele van die wolk.

(2) The Atmosphere, Anthes et al., bl. 269 asook Elements of Meteorology, Miller en Thompson, bl. 141, 142.

God sê in die Heilige Qur'an:

*﴾Sien u nie dat Allah die wolke voortdryf, hulle dan bymekaar versamel en daarna ophoop in lae, waarna u die reën sien val tussen hulle nie?...﴿*

*Qur'an, 24: 43*

Meteoroloë kon eers onlangs met behulp van vliegtuie, lugbalonne, satelliete en rekenaars die forming, struktuur en funksie van wolke bestudeer. Dit is ook eers onlangs wat daar instrumente beskikbaar was om variasies in humiditeit, windrigting en atmosferiese druk te kon vasstel. (1)



**Figuur 21:** 'n Cumunolimbus wolk.

Die bogenoemde teks uit die Qur'an haal verder aan:

*﴾…En uit die hemel stuur Hy wolke soos berge, waarin daar hael is, en Hy tref daarmee wie Hy wil en keer dit weg van wie Hy wil. Die glans van Sy weerligstraal ontneem 'n mens byna van jou sig.﴿*

*Qur'an, 24: 43*

Metereoloë het bevind dat hierdie Cumunolimbus wolke wat 'n neerslag van hael tot gevolg het, tussen 25 000 en 30 000 voet hoog

(1) Ee'jaz al-Qur'an al-Kareem fee Wasf Anwa' al-Riyah, al-Sohob, al-Matar, Makky et al., bl. 55

opstapel (dit is 4.7 tot 5.7 myl hoog).[1] God sê in die Qur'an ***"wolke soos berge waarin daar hael is"*** (verwys na figuur 21).

Wanneer 'n mens die bogenoemde teks uit die Qur'an lees, kom die volgende vrae op: Waarom praat God van Sy weerligstraal met verwysing na Sy hael? Is daar 'n verband tussen hael en die ontstaan van weerlig?

In die boek, **Meteolology Today**, verduidelik die skrywer dat 'n wolk geëlektrifiseer word wanneer hael deur die koudste deel van die wolk beweeg waar daar yskristalle en yskoue druppels water is. Wanneer hierdie vloeibare druppels bots met die haelkorrels, vries dit op impak en hierdie proses stel latente hitte vry. Hierdie proses van hitte vrystelling veroorsaak dat die buitenste deel van die haelkorrels warmer is as die yskristalle waardeur dit beweeg. Wanneer die haelkorrels in aanraking kom met die yskristalle, vind daar 'n interresante verskynsel plaas:

Elektrone beweeg vanaf die kouer (yskristalle) na die warmer materiaal (haelkorrels) en sodoende word die haelkorrels negatief gelaai. Dieselfde gebeur wanneer yskoue water druppels met die haelkorrels bots. Klein, positief gelaaide brokkies ys breek af. Hierdie ligter, positief gelaaide ysbrokkies beweeg dan opwaarts as gevolg van die opwaartse lugstroming, terwyl die swaarder, negatief gelaaide haelkorrels afwaarts val deur die wolk. As gevolg hiervan, word die laagste deel van die wolk negatief gelaai, terwyl die boonste deel van die wolk positief gelaai word.

Die wrywing wat veroorsaak word deur hierdie beweging van positiewe en negatiewe elektrone, bou dan energie op wat in die vorm van 'n weerligstraal vrygestel word. [2] Dit is dus duidelik dat hael die katalisator is in die produksie van 'n weerligstraal.


Al hierdie kennis is eers onlangs ingewin. Tot en met 1600 n.C, was die meteorologiese teorië van Aristoteles algemeen aanvaar as die waarheid. Dit was sy teorie dat die atmosfeer twee soorte

(1) Elements of Meteorology, Miller en Thompson, bl. 141.

(2) Meteorology Today, Ahrens, bl. 437

'uitasemings' besit – vogtig en droog. Hy was van mening dat donderweer die klank is wat vrygestel word wanneer die droë uitaseming bots met die wolke. Weerlig, volgens hom, is die verbranding van droë uitaseming deur 'n dun vlam.(3)

Hierdie is 'n voorbeeld van die meteorologiese teorieë wat algemeen aanvaar was tydens die openbaring van die Heilige Qur'an, veertien eeue gelede.





(3) The Works of Aristoteles Translated into English: Meteorologica, vol. 3, Ross et al., bl. 369a, 369b

## H. Wetenskaplike kommentaar oor die Wonderwerke vervat in die Heilige Qur'an

Die volgende aanhalings is uittreksels uit die video opname ***"This is the Truth."*** Hierdie video opname is beskikbaar op ons webwerf www.islam-guide.com/truth .

1) Dr. P.V.N. Persaud, Professor in Anatomie, Professor in Pediatrie en Kinder geneeskunde, en professor in Verlosskunde, Ginekologie en Voortplantingwetenskappe aan die Universiteit van Manitoba, Winnipeg, Manitoba, Kanada. Hier was hy vir 16 jaar die voorsitter van die department van Anatomie. Hy is die welbekende outeur en redakteur van 22 handboeke en het ook 181 wetenskaplike studies gepubliseer.

   In 1991 het die Kanadese Vereniging van Anatomiste aan hom die JCB Toekenning oorhandig vir sy bydrae tot die studie van anatomie. Toe hy uitgevra word oor sy studie van die wetenskaplike wonders in die Qur'an, het hy die volgende stelling gemaak: "Daar was aan my verduidelik dat Muhammad 'n gewone man was. Hy het nie geweet hoe om te lees of skryf nie – hy was ongeletterd. Ons praat hier van veertien honderd jaar gelede. Hier het jy 'n man wat treffende verklarings en wetenskaplike stellings maak wat ongelooflik akuraat is en ek kan persoonlik nie sien dat dit 'n toeval was nie. Daar is veels te veel akuraatheid van feite en, net soos Dr. Moore, het ek geen twyfel dat hierdie kennis aan Muhammad bekend was deur Goddelike Inspirasie en Openbaring nie."

   Professor Persaud het in van sy boeke, sekere verse uit die Heilige Qur'an aangehaal. Hy het ook gedurende verskye konferensies aanhalings uit die Qur'an en Ahadith gemaak met betrekking tot sy studies.

2) Dr. Joe Leigh Simpson is die voorsitter van die Departement van Verloskunde en Ginekologie, asook 'n Professor in Molekulêre en Menslike Ginetika aan die Baylor Instituut van Geneeskunde, Houston Texas, VSA. Voor dit was hy ook die voorsitter van die

Departement van Verloskunde en Ginekologie by die Universiteit van Tennessee in Memphis, VSA. Dr. Simpson was ook die President van die Amerikaanse Vrugbaarheids Organisasie. Tydens sy loopbaan het hy vele toekennings ontvang – onder andere, die Public Recognition Award vanaf die Assosiasie van Professors van Verloskunde en Ginekologie wat hy in 1992 ontvang het.

Prof. Simpson het die volgende Ahadith van die Profeet Muhammad ﷺ bestudeer:

***"Al die komponente wat noodsaaklik is vir die mens se skepping word saamgevoeg in die baarmoeder tydens die eerste veertig dae" Sahih Muslim, #2643 en Sahih al-Bukhari, #3208***
***"Wanneer twee-en-veertig nagte verbygegaan het oor die embrio, stuur God 'n Engel wat die embrio vorm en sy gehoor, sig, vel, vlees en been skep."***
***Sahih Muslim, #2645***[(1)]

Prof. Simpson het hierdie Ahadith in detail bestudeer en bevestig dat die eerste veertig dae van die fetus se ontwikkeling, 'n duidelik uitkenbare fase is in die embionale ontwikkeling. Hy was veral beïndruk met die absolute akuraatheid van die woorde van die Profeet Muhammad ﷺ.

Tydens 'n daaropvolgende konferensie, het Prof. Simpson die volgende stelling gemaak: "Hierdie twee Ahadith (gesegdes van die Profeet) wat aangehaal is, dui op 'n spesifieke tydsverloop vir die eerste fase van embrionale ontwikkeling wat plaasvind voor dag veertig. Weereens – en ek dink hierdie punt is reeds vanoggend deur vele ander sprekers ook gemaak: Hierdie kennis

---

(1) Al die woorde wat hier aangehaal is, is 'n vertaling uit die bundels wat saamgestel is deur Islamitiese Teoloë. Hierdie Bundels vervat die direkte woorde van die Profeet Muhammad ﷺ en is 'n skriftelike aantekening van alles wat hy gesê, gedoen, afgekeur en goedgekeur het tydens sy leeftyd, soos oorvertel deur sy metgeselle. Die # teken word gebruik in die aanduiding van die nommer van die spesifieke aanhaling in die Bundel van Ahadith.

wat weergegee is in die Ahadith, kon nie bekom word op die basis van die wetenskaplike kennis wat veertien eeue gelede beskikbaar was nie. Die afleiding wat ek hieruit kan maak is dat daar geen konflik bestaan tussen geloof en genetika nie. Inteendeel, geloof en Goddelike Openbaring kan inderdaad wetenskaplike navorsingsmetodes ondersteun. Dat die Qur'an reeds veertien eeue gelede wetenskaplike feite benoem het wat eers onlangs bevestig is deur wetenskaplike studie, is vir my 'n duidelike bewys dat die Qur'an van God afkomstig is."

3) Dr. E. Marshall is Professor Emeritus in Anatomie en Ontwikkelingsbiologie by Thomas Jefferson Universiteit in Philadelphia, Pennsylvania, VSA. Vir 22 Jaar was hy die direkteur van die Daniel Baugh Instituut. Hy was ook die President van die Teratologiese Organisasie (die studie van abnormaliteite tydens menslike ontwikkeling). Hy het ook meer as 200 wetenskaplike publikasies geskryf.

In 1981, tydens die 7de Mediese Konferensie in Dammam, Saoedi Arabië, het Professor Marshall sy navorsing aangebied en die volgende gesê: "In opsomming: Die Qur'an beskryf nie net die ontwikkeling van die eksterne vorm van die mens nie, maar beklemtoon ook die interne stadiums van ontwikkeling wat plaasvind in die embrio – die ontstaan en ontwikkeling daarvan – deur die beskrywing van belangrike gebeurtenisse wat deur moderne wetenskaplike navorsing bevestig is."

Verder sê hy: "As 'n wetenskaplike kan ek slegs verwerk wat ek fisies met my oë kan sien. Ek verstaan Embriologie en Ontwikkelingsbiologie. Ek kan die woorde wat in die Qur'an geskryf staan verstaan wanneer dit aan my vertaal word. Soos wat ek reeds vantevore gesê het …as ek sou kon terugbeweeg in tyd en myself in daardie era plaas met die kennis wat ek vandag besit, sou ek nie die feite waarvan ek vandag kennis dra só kon beskryf nie. Ek sien geen bewyse dat die persoon, Muhammad, op enige wyse hierdie informasie sou kon inwin van een of ander eksterne bron af tydens daardie era nie. Ek vind geen bewys wat in konflik is met die konsep dat hierdie kennis aan hom geopenbaar was

deur Goddelike Inspirasie nie."[1]

4) Dr. William W. Hay is 'n bekende Marienebioloog. Hy is 'n Professor in Geologiese Wetenskappe aan die Universiteit van Colorado, Boulder, Colorado, VSA. Hy is ook die voormalige Dekaan van die Rosenstiel Instituut van Mariene en Atmosferiese Wetenskappe in Miami, Florida, VSA.

Nadat die verse uit die Qur'an wat verwys na die oseane met hom bespreek is, en die feit dat wetenskaplikes dit eers onlangs kon bevestig uitgewys is, het Professor Hay die volgende stelling gemaak: "Ek vind dit geweldig interresant dat hierdie feite in die antieke geskrifte van die Heilige Qur'an opgeteken staan. Ek weet nie hoe hierdie informasie tydens daardie era beskikbaar kon wees nie, maar dit is interresant dat dit wel daarin opgeteken is en dat die navorsing waarmee ons huidiglik besig is verdere 'ontdekkings' kan maak en sodoende die betekenis van hierdie verse kan verduidelik."

Toe Professor Hay uitgevra word aangaande die bron van hierdie kennis in die Qur'an het hy geantwoord: "Wel, ek sou dink dat dit 'n Goddelike Wese moet wees."

5) Dr, Gerald C. Goeringer is kursus direkteur en medeprofessor in Mediese Embriologie aan die Departement van Sellulêre Biologie by die Mediese Fakulteit, Georgetown Universiteit, Washington D.C., VSA.

Tydens die voorlegging van sy navorsing by die 8ste Mediese Konferensie in Riyadh, Saoedi Arabië, het Prof. Goeringer die volgende stelling gemaak:

"In 'n relatiewe klein aantal Aayaat (verse in die Qur'an), verskaf die Qur'an 'n omvattende beskrywing van die menslike ontwikkeling tussen die tydstip van die samesmelting van die manlike en vroulike gamete, tot en met organogenese (die

(1) Die Prophet Muhammad ﷺ was ongeletterd. Hy kon nie lees of skryf nie, maar hy het die Qur'an aan sy metgeselle voorgedra en hulle beveel om dit neer te skryf.

ontwikkeling van organe). Geen gelyke duidelike en volledige rekord van menslike ontwikkeling – soos die klassifikasie, terminologie en die beskrywing daarvan – het ooit voorheen bestaan nie. In die meeste, indien nie in alle gevalle nie, het hierdie beskrywing in die Qur'an enige ander geskrewe rekord van die verskillende stadia van menslike embriologiese en fetale ontwikkeling in die tradisionele wetenskaplike literatuur vooruitgedateer."

6) Dr. Yoshihide Kozai is Professor Emeritus by die Universiteit van Tokyo, Hongo, Tokyo, Japan. Hy was ook die Direkteur van die Nasionale Astonomiese Observatorium (Sterrewag) in Mitaka, Tokyo, Japan.

   Tydens sy toespraak het hy gesê: "Ek is geweldig beïndruk deur die feite oor Astonomie wat in die Qur'an opgeteken staan. Ons, as Astroloë, het maar slegs klein deeltjies van die heelal bestudeer. Ons het al ons pogings daarop toegespits om hierdie klein deeltjie te verstaan omdat ons met behulp van 'n teleskoop sleg 'n klein deeltjie van die heelal kan sien. So, noudat ek die verse in die Qur'an gelees het wat betrekking het tot die heelal, en die vrae daarop beantwoord het, dink ek dat ek my toekoms kan wy aan die studie van die heelal."

7) Professor Tejatat Tejasen is die voorsitter van die Departement van Anatomie by die Chiang Mai Universiteit, Chiang Main, Thailand. Hy was ook die voormalige Dekaan van die Mediese Fakulteit by dieselfde universiteit.

   Tydens die 8ste Mediese Konferensie in Riyadh, Saoedi Arabië, het Prof. Tejasen opgestaan en gesê: "Hierdie laaste drie jaar het ek begin belang stel in die Qur'an. Op grond van my studies, asook dít wat ek tydens hierdie konferensie geleer het, glo ek dat alles wat 1400 jaar gelede in die Qur'an opgeteken was, die waarheid is, en dat dit met behulp van wetenskaplike navorsing bewys kan word.

   Aangesien die Profeet Muhammad ﷺ nie kon lees of skryf nie, glo ek dat hy 'n Boodskapper was – gestuur om die waarheid te

verkondig wat aan hom geopenbaar was deur die Enigste Een wat waardig is om die Skepper genoem te word. Hierdie Skepper moet God wees. Daarom dink ek dat hierdie die geskikte tyd is vir my om te sê **'La Ilaha Illa Allah'** – Daar is geen god waardig om aanbid te word, behalwe Allah (God) nie. **'Muhammadur Rasoolu Allah'** – Muhammad is die Boodskapper (Profeet) van Allah (God).

Laastens wil ek almal bedank vir die uitmuntende en hoogs-suksesvolle beplanning van hierdie konferensie. Ek het nie net van 'n wetenskaplike en geloofsoogpunt daarby baat gevind nie, maar ek het ook die geleentheid gehad om vele welbekende wetenskaplikes te ontmoet en baie nuwe vriende te maak. Die mees waardevolle wins vir my tydens hierdie konferensie is ***'La ilaaha illa Allah, Muhammadur Rasoolu Allah'*** – ek is nou 'n Muslim."

Nadat ons al die bogenoemde voorbeelde wat verwys na die wetenskaplike wonderwerke in die Heilige Qur'an, sowel as die kommentaar van die wetenskaplikes bestudeer het, kan ons onself die volgende vrae vra:

- Is daar enige moontlikheid dat dit slegs toevallig is dat die Qur'an 1400 jaar gelede melding kon maak van feite wat eers onlangs deur wetenskaplike navorsing in al die verskillende studierigtings ontdek is?
- Is dit moontlik dat die man, Muhammad, of enige ander mens, die skrywer van die Heilige Qur'an kon wees?

Die enigste moontlike antwoord op hierdie vrae is dat die Heilige Qur'an die Direkte Woord van God moet wees en dat dit deur God aan die Profeet Muhammad ﷺ geopenbaar was.

(Vir verdere informasie, aanlyn artikels, boeke en video opnames oor die

**Wetenskaplike Wonderwerke in die Heilige Qur'an,**

besoek ons webwerf www.islam-guide.com/science

of kontak enige van die organisasies op ons lys – bl.63)

# 2) Die Groot Uitdaging om een hoofstuk te produseer wat kan vergelyk met 'n Hoofstuk uit die Qur'an

God sê in die Qur'an:

﴾***En as julle twyfel aan die dinge wat Ons aan Ons dieskneg geopenbaar het, bring dan 'n soorgelyke Hoofstuk voort, en roep julle helpers behalwe Allah aan as julle die waarheid liefhet. Maar as julle dit nie kan doen nie – en julle sal dit nooit kan doen nie – waak dan teen die Vuur waarvan die brandstof mense en klippe is. Dit is vir die ongelowiges voorberei. En gee 'n blye tyding aan hulle wat glo en goeie dade verrig, dat daar vir hulle Tuine is waardeur riviere vloei.***﴿

***Qur'an, 2: 23-25***

Sedert die openbaring van die Qur'an veertien eeue gelede, was daar nog nooit iemand wat een hoofstuk kon skryf wat kon vergelyk met enige van die hoofstukke in die Qur'an nie. Die skoonheid, welsprekendheid, prag, wyse wetgewing, ware inligting, ware profesie en ander unieke eienskappe van die Heilige Qur'an is onvergelykbaar. Die kortste hoofstuk in die Qur'an (hoofstuk 108) bestaan slegs uit tien woorde, tóg kon geen mens nog ooit in hierdie uitdaging slaag nie.(1)

Tydens die leeftyd van die Profeet Muhammad ﷺ het sekere heidense Arabiere hierdie uitdaging aangeneem in 'n poging om te bewys dat Muhammad nie werklik 'n Profeet van God was nie.(2) Hulle het hul bes probeer maar kon nie daarin slaag nie – ten spyte van die feit dat die Qur'an in hulle eie taal en dialek geopenbaar was, en dat die Arabiere tydens daardie era geken was vir hulle welspreeklikheid en vir die pragtige prosa en poësie wat hulle

---

(1) Al-Borhan fee Oloom Al-Qur'an, Al-Zarkashy, vol. 2, bl. 224.

(2) Al-Borhan fee Oloom Al-Qur'an, Al-Zarkashy, vol. 2, bl. 226.

geskryf het wat tot vandag toe steeds gelees en waardeer word.



سُورَةُ الكَوثَرِ

بِسْمِ اللَّهِ الرَّحْمَٰنِ الرَّحِيمِ


إِنَّا أَعْطَيْنَاكَ الْكَوْثَرَ ١ فَصَلِّ لِرَبِّكَ وَانْحَرْ ٢

إِنَّ شَانِئَكَ هُوَ الْأَبْتَرُ ٣

Hoofstuk 108 in die Heilige Qur'an bestaan slegs uit tien woorde, tóg kon niemand nog ooit die uitdaging aanpak om daarop te verbeter nie.

## 3) Bybelse Profesies aangaande die koms van Muhammad, die Profeet van Islam

Die Bybelse profesies wat die koms van die Profeet Muhammad ﷺ voorspel dien as 'n bewys van die waarheid van Islam aan enige persoon wat glo in die Bybel. In Deutronomium 18: 18 & 19 kondig Moses aan dat God aan hom gesê het:




***"Ek sal vir hulle 'n Profeet net soos jy aanstel vanuit hulle broers;***
***en Ek sal My Woorde op sy tong plaas,***
***en hy sal aan hulle sê wat Ek hom beveel om te sê.***
***As enige iemand nie ag sou slaan op die Woorde***
***wat in My Naam geuiter word nie,***
***sal Ek hom Self tot verantwoording roep."***
***Deutronomium 18:18, 19*** (1)

Uit hierdie bogenoemde aanhaling is dit dus duidelik dat die Profeet wat in hierdie profesie genoem word oor die volgende eienskappe moet besit:

---

(1) Die aanhalings uit die Bybel in hierdie boek is geneem uit The NIV Study Bible, New International Version

1) Hy sal net soos Moses wees

2) Hy sal uit die broers van die Israeliete verkies word

3) God sal Sy Woorde op hierdie profeet se tong plaas en hy sal slegs sê wat God hom beveel om te sê .

Kom ons kyk na hierdie drie eienskappe:

**1) Hy sal 'n Profeet net soos Moses wees.**

Geen ander twee Profete het meer in gemeen gehad as die Profeet Moses en die Profeet Muhammad ﷺ nie. God het aan albei van hulle 'n Heilige Skrif geopenbaar. God het ook aan albei omvattende Wetgewing en 'n morele waardestelsel geopenbaar. Beide was aanvaar as Profete sowel as staatshoofde. Beide het migreer nadat pogings aangewend was om hulle te vermoor.

Die vergelykings was getref word tussen Moses en Jesus skiet dikwels tekort omdat die bogenoemde ooreenkomste nie in ag geneem word nie. Daar is ook ander belangrike ooreenstemmings, soos beide se natuurlike geboorte, beide was ontneem van hul biologiese ouers, en beide het 'n natuurlike dood gesterf. Daar is geen vergelyking sussen Moses en Jesus op enige van hierdie punte nie.

Dit is belangrik om te onthou dat Jesus deur sy volgelinge gesien was as die seun van God, en nie uitsluitlik as God se Profeet nie. Moses en Muhammad was Profete van God, en Muslims glo dat Jesus ook God se Profeet was. As 'n mens na hierdie ooreenkomste kyk is dit duidelik dat Muhammad die Profeet was na wie God verwys het in Deutromomium 18.

As ons kyk na die Evangelie van Johannes, het die Jode gewag vir die vervolmaking van drie profesies:

1) Die koms van Christus

2) Die koms van die Profeet Elia

3) Die koms van 'n Profeet (soos Moses)

Hierdie feite is kan erken word wanneer ons kyk na die vrae wat aan Johannes die Doper gestel was in Johannes 1:21:

***"En dit was Johannes se getuienis toe die Jode van Jerusalem die priesters en die Leviete na hom toe gestuur het om hom te ondervra. Hy het nie geweier om 'n erkentenis te maak nie, maar het vryelik erken, 'Ek is nie die Christus nie.' En hulle het gevra, 'Nou wie is jy dan? Is jy Elia?' en hy het geantwoord, 'Ek is nie.' En hulle het gevra, 'Is jy dan die Profeet?' en hy het geantwoord, 'Nee.'"***
***Johannes 1:19-21***

Wanneer mens gaan kyk na die Bybel se kruisverwysings, sal jy in die kantlynaantekeninge die verwysings na Deutronomium 18:15 en Deutronomium 18:18[1] vind op elke plek waar daar na "die Profeet" verwys word in Johannes 1:21. Die logiese gevolgtrekking is dus dat die Profeet waarna hier verwys word, nie Jesus Christus was nie.

**2) Uit die midde van die broers van die Israeliete.**

Abraham het twee seuns gehad – Ismael en Isak (Genesis 21). Ismael was die voorvader van die Arabiese volk en Isak was die voorvader van die Joodse volk. Die Profeet waarvan hier gepraat word sou nie vanuit die Joodse nasie kom nie. Die Bybel voorspel dat hy uit die midde van hulle broers uitverkies sou word d.w.s. die Ismaeliete.

Muhammad ﷺ was uit die nageslag van Ismael, en hy was inderdaad die uitverkore Profeet.

Verder spreek Jesaja die dienskneg te van God aan (Jesaja 42:1-13) en noem God se 'uitverkorene' en 'boodskapper' aan wie God die Wet sal openbaar.

***"Self sal hy ook nie uitgedoof of geknak word totdat hy My Wil***

(1) Verwys na die kantlynaantekeninge in The NIV Study Bible, New International Version i.v.m. Johannes 1:21, bl. 1594.

***op aarde gevestig het nie. Die eilande wag op wat hy hulle sal leer.”***
***Jesaja 42:4***

In vers 11 word daar ‘n ander naam gekoppel aan die Boodskapper op wie se koms almal wag. Hierdie vers noem dat hy uit die afstammelinge van Kedar sal kom. Wie is Kedar? Volgens Genesis 25:13 is Kedar die tweede seun van Ismael, voorvader van die Profeet Muhammad ﷺ.



**3) God sal Sy Woorde op sy tong plaas.**

Die Woorde van God (die Heilige Qur’an) was waarlik op die tong van die Profeet Muhammad ﷺ geplaas. God het die Engel Gabriël na hom toe gestuur om Sy Woorde aan die Profeet te leer. God het Muhammad ﷺ beveel om die woorde presies soos wat hy dit gehoor het aan die mense voor te dra. Die woorde wat uit sy mond uit gekom het was dus nie sy eie nie, maar wel die Woorde van God. Hierdie woorde het ook nie uit sy eie gedagtes ontstaan nie, maar was deur die Engel Gabriël in sy mond geplaas, op God se bevel.

Gedurende die leeftyd van die Profeet Muhammad ﷺ, en onder sy toesig, was hierdie woorde aan sy metgeselle geleer. Hulle het dit ook gememoriseer en dit daarna neergeskryf.

Neem kennis van God se Woorde in Deutronomium 18:19

***“As enige iemand nie ag sou slaan op die Woorde wat in My Naam geuiter word nie, sal Ek hom Self tot verantwoording roep.”***

Dit wil sê, as jy verklaar dat jy in die Bybel glo, is dit ook jou plig om te glo in die Profeet op wie se tong God Sy Woord sal plaas – en daardie Profeet is Muhammad ﷺ.

(Vir verdere inligting aangaande hierdie onderwerp,

besoek die webwerf www.islam-guide.com/mib )

# 4) Verse in die Qur'an wat sekere gebeure voorspel

Vele voorpellings was in die Qur'an genoem wat toekomstige gebeure akuraat voorspel het. Een so 'n voorbeeld is die oorwinning van die Romeine oor die Persiese Ryk binne nege jaar nadat die Persiërs die Romeinse Ryk verpletter het.

God sê in die Qur'an:

> ***﴾Die Romeine sal verslaan word in 'n nabygeleë land, maar ná hulle nederlaag sal hulle weer 'n oorwinning behaal, (bedd') binne nege jaar.﴿***
>
> ***Qur'an, 30:2-4***

Kom ons kyk na wat die geskiedenis ons vertel aangaande hierdie oorloë. In die boek, History of the Bysantine State, staan dit opgeteken dat die Romeinse Ryk 'n geweldige nederlaag gely het in Antioch tydens die jaar 613 n.C. As gevolg van hierdie oorwinning oor die Romeine, het die Persiese magte met mening voortgebeur op elke front.[1] Die Persiese Ryk was so magtig op daardie stadium, dat dit bykans ondenkbaar was dat hulle deur die Romeine oorweldig sou word, maar God het in die Qur'an geopenbaar dat die Romeine weereens die oorhand sou kry en die Persiese Ryk sou verslaan – en dít binne 'n tydperk van drie tot nege jaar.

In die jaar 622 n.C. – nege jaar na die Romeine se nederlaag – het die twee magte (Rome en Persië) weereens teen mekaar te staan gekom op Armeense bodem. Die gevolg van hierdie slag was die beslissende oorwinning van die Romeine oor die Persiese magte.[2]

Alhoewel daar in hierdie boek slegs na die een voorbeeld verwys word, is daar vele ander verse in die Qur'an wat toekomstige gebeure akuraat voorspel.

---

(1) History of the Byzantine State, Ostrogorsky, bl. 95

(2) History of the Byzantine State, Ostrogorsky, bl. 100-101, en History of Persia, Sykes, Vol. 1, bl. 483-484. Verwys ook na The New Encyclopaedia Britannica, Micropaedia Vol. 4, bl. 1036

## 5) Wonderwerke wat die Profeet Muhammad verrig het.

Met die toestemming van God het die Profeet Muhammad ﷺ vele wonderwerke verrig ten aanskoue van groot skares:

- Toe die ongelowiges van Mekka nie wou glo dat hy deur God as 'n Profeet uitverkies was nie, het hulle hom gevra om aan hulle te bewys dat hy die waarheid praat deur 'n wonderwerk te verrig. Met God se goedkeuring het hy die maan in twee gesplyt.(1)

- Tydens een geleentheid was die metgeselle van die Profeet geweldig dors maar daar was slegs 'n klein bietjie water beskikbaar. Hulle het die Profeet genader en gesê dat hulle nie water het om drink, of om mee te was vir gebed nie, behalwe vir die bietjie water in 'n klein houertjie. Die Profeet Muhammad ﷺ het sy hand in die houer ingedruk en water het deur sy vingers begin vloei. Eenduisend vyfhonderd mense het daarvan gedrink en almal het opgewas vir gebed.(2)

Hierdie is maar twee wonderwerke. Daar was vele ander wonderwerke wat óf deur hom verrig was, óf met hom persoonlik gebeur het.

## 6) Die Eenvoudige Lewensstyl van Muhammad

Indien 'n mens gaan kyk na die lewensstyl van die Profeet Muhammad ﷺ voordat hy as profeet aangestel was, en dit vergelyk met die lewensstyl wat hy gevolg het nadat hy as profeet aangestel was, is dit onredelik en onlogies om te dink dat hy homself as Profeet verklaar het sodat hy materiële rykdom, mag, aansien of glorie daaruit kon put.

(1) Aangeteken in Sahih Al-Bukhari, #3637, asook in Sahih Muslim, #2802.

(2) Aangeteken in Sahih Al-Bukhari, #3576, en Sahih Muslim, #1856.

Voor sy roeping as Profeet het Muhammad ﷺ geen finansiële bekommernisse gehad nie. Hy was op daardie stadium 'n welbekende en suksesvolle handellaar, en hy het as gevolg van sy sukses geen tekort aan geld gehad nie. Nadat God hom uitverkies het vir hierdie geheiligde roeping as Profeet, het hy sy beroep as handellaar laat vaar sodat hy homself kon toespits op die taak wat God aan hom opgedra het. As gevolg daarvan het hy geen inkomste gehad nie.

Die volgende is aanhalings uit die bundels van gesegdes (Ahadith) van die Profeet ﷺ:

- Aa'isha, die vrou van die Profeet ﷺ het gesê: "O my neef, ons het partykeer drie nuwe mane in twee maande sien verbygegaan voordat ons 'n vuur aangesteek het (om 'n maaltyd te kook) in die Profeet ﷺ se huise." Haar neef het gevra: "Tannie, hoe het julle dan oorleef?" Daarop antwoord sy: "Die twee swart goed – dadels en water – maar, die Profeet ﷺ het Ansar bure gehad en hulle het 'n kameelwyfie gehad wat aan hulle melk verskaf het. Hulle het van hierdie melk vir die Profeet ﷺ gestuur."(1)

- Sahl Ibn Sa'ad, een van Muhammad ﷺ se metgeselle, het gesê: "Vandat hy geroep was as Profeet ﷺ tot en met sy dood, het die Profeet van God ﷺ nie brood gesien wat van fyn meel gemaak was nie."(2)

- Aa'isha, Muhammad ﷺ se vrou, het gesê: "Die matras waarop die Profeet ﷺ geslaap het was gemaak van leer en gevul met dadelpalm vesels."(3)

- Amr ibn Al-Hareth, een van die metgeselle van Muhammad ﷺ, het vertel: "Na die Profeet ﷺ se dood het hy geen geld of besittings gehad, behalwe die wit muil waarop hy altyd gery het, sy wapens en 'n stukkie grond wat hy geskenk het aan liefdadigheid."(4)

---

(1) Sahih Muslim, #2972,en Sahih Al-Bukhari, #2567

(2) Sahih Al-Bukhari, #5413, en Al-Tirmizi, #2364

(3) Sahih Muslim, #2082, en Sahih Al-Bukhari, #6456

(4) Sahih Al-Bukhari, #2739, en Mosnad Ahmad, #17990

Alhoewel die Tesourie (die afdeling in beheer van die finansies) van die Muslims aan hom beskikbaar was, het hy 'n lewe van armoede verkies. In die tydperk net voor sy dood, was die hele Arabiese Skiereiland onder Muslim beheer en na agtien jaar van die Profeet Muhammad ﷺ se heilige roeping, het die Muslims uiteindelik oorwin.

Is dit enigsins moontlik dat Muhammad ﷺ homself as profeet verklaar het sodat hy vir homself 'n naam kon maak, rykdom vergader en status verwerf? Die begeerte en najaag van status en rykdom gaan gewoonlik gepaard met gesogte disse, duur kleredrag, uitspattige paleise, kleurvolle wagte en onbetwisbare outoriteit. Is enige van hierdie kenmerke sigbaar in die lewe van Muhammad? Miskien kan hierdie vraag beantwoord word deur 'n blik te werp op sy lewe:

Ten spyte van die feit dat hy die verantwoordelikhede van 'n Profeet, 'n leeraar, 'n staatsman en 'n regter nagekom het, het hy sy eie bok gemelk,[(1)] sy eie klere reggemaak en sy eie skoene herstel.[(2)] Hy het ook gehelp met die huishoudelike take[(3)] en die armes en siekes besoek.[(4)] Hy het sy metgeselle gehelp om 'n loopgraaf te grou deur die sand te verwyder. Sy hele lewe was 'n ongeëwenaarde voorbeeld van eenvoudigheid en nederigheid.

Muhammad se volgelinge het hom volkome liefgehad, gerespekteer en vertrou. Tog het hy deurlopend daarop klem gelê dat hulle hom nie moet verafgod nie, maar dat God Alleen aanbid moet word.

Anas, een van Muhammad se metgeselle, het gesê dat daar geen ander persoon was vir die metgeselle meer lief was as die Profeet nie. Ten spyte daarvan het nie een van hulle opgestaan wanneer hy in hulle midde verskyn het nie. Hulle het bly sit omdat hy dit gehaat het wanneer hulle hom so vereer[(5)] – soos wat ander mense doen met

(1) Mosnad Ahmad, #25662

(2) Sahih Al-Bukhari, #676, en Mosnad Ahmad, #25517

(3) Sahih Al-Bukhari, #676, en Mosnad Ahmad, #23706

(4) Mowatta' Malek, #531

(5) Sahih Al-Bukhari, #3034, and Sahih Muslim, #1803, and Mosnad Ahmad, #18017

die persone wie hulle met hoogagting admireer.

Nadat die Profeet deur God uitverkies was, en lank voordat daar enige moontlikheid bestaan het van die sukses van Islam, was daar ‘n pynlike tydperk van geweldige marteling, lyding en vervolging van Muhammad en sy volgelinge. Dit was tydens hierdie tydperk wat Muhammad ‘n interresante offer ontvang het:

Otba, een van die heidense leiers van die Arabiere, was afgevaardig om aan Muhammad ‘n offer te maak. Hy het aan Muhammad gesê: “As dit rykdom is wat jy nastreef, sal ons genoeg geld invorder om jou die rykste man onder ons te maak. As dit leierskap is wat jy wil hê, sal ons jou aanstel as leier oor ons en ons sal geen besluit neem sonder jou goedkeuring nie. As dit ‘n koninkryk is wat jy begeer, sal ons jou as koning bekroon oor ons…” Daar was slegs een vereiste wat hulle aan Muhammad gestel het in ruil vir al hierdie dinge – dat hy sal staak daarmee om mense te roep tot Islam en tot die aanbidding van Een Enkelvoudige God.

As Muhammad enigsins belang gestel het in materiële wins, sou hierdie offer nie geweldig aanloklik gewees het nie? Het hy vir ‘n oomblik gehuiwer toe hierdie offer aan hom gemaak was? Het hy dit van die hand gewys as ‘n onderhandelingsstrategie terwyl hy die agterdeur oop laat staan in die hoop op ‘n beter offer?

In sy antwoord aan Otba, het die Profeet hoofstuk 41:1-38[1] uit die Heilige Qur’an aan hom voorgedra. Die volgende aanhaling is ‘n paar verse daarvan:

[In die Naam van God, die Mees Genadige, Die Mees Barmhartige]

***﴿… ‘n Openbaring van die Mees Barmhartige, die Mees Genadige. ‘n Skrif waarvan die verse verduidelik word; ‘n Arabiese Qur’an, vir ‘n volk wat kennis dra. Goeie nuus en ‘n waarskuwing. Maar die meeste mense draai weg daarvan en wil nie luisternie …﴾***

***Qur’an, 41: 2-4***

---

(1) Al-Serah Al-Nabaweyyah, Ibn Hesham, vol. 1, bl. 293-294

Tydens ‘n ander geleentheid het die Profeet se oom by hom gepleit om op te hou om mense te roep tot Islam. Sy antwoord aan sy oom was die volgende:

“Ek sweer in die Naam van God dat, al sou hulle die son in my regterhand plaas en die maan in my linkerhand in ruil vir my stilswye, sal ek nooit ophou [om hierdie boodskap te verkondig] totdat God my laat seëvier, of ek sterf in die verdediging van my roepingnie.”(1)

Muhammad en sy volgelinge was vir dertien jaar lank vervolg en gemartel deur die ongelowiges. Hulle [die heidense Arabiere] het selfs ‘n paar keer probeer om hom dood te maak. Op een geleentheid het hulle probeer om ‘n groot rots op sy kop te laat val. Hulle kon skaars hierdie rots optel.(2) Tydens ‘n ander geleentheid het hulle sy kosvergiftig.(3)

Self nadat hy oor al sy teenstaanders oorwinning behaal het, en selfs tydens oomblikke van onvergelykbare glorie, het hy daarop aangedring dat die Muslims se sukses nie aan sy eie kennis of invloed te danke is nie, maar dat alle eer aan God behoort en dat Hy die oorwinning gegee het. Is dit dan regverdig om te sê dat hierdie edele en nederige man gemotiveer was deur sy eie hunkering na mag of rykdom? Is hierdie die kenmerke van ‘n self-gesentreerde persoon wat mag en status najaag?

## 7 )Die Fenomenale groei van die Islamitiese geloof

Op hierdie stadium is dit gepas uit te wys dat die groei van ‘n geloof ‘n belangrike indikasie is van die waarheid daarvan. Dit is ‘n bekende feit dat Islam die vinnigste groeiende godsdiens is – nie net in die VSA. nie, maar in die hele wêreld. Die volgende is aanhalings met betrekking tot die groei van Islam:

(1) Al-Serah Al-Nabaweyyah, Ibn Hesham, vol. 1, bl. 265-266.
(2) Al-Serah Al-Nabaweyyah, Ibn Hesham, vol. 1, bl. 298-299.
(3) Al-Daremey, #68, en Abu-Dawood, #4510

• Islam is die geloof wat die vinnigste groei toon in die VSA. Dit verskaf leiding, en dien as ‘n pilaar van stabiliteit aan baie van ons mense...”

(Hillary Rodham Clinton, Los Angeles Times.)[1]

• Muslims is die wêreld se vinnigste groeiende groep...”

(The Population Reference Beureau, USA Today.)[2]

• “... Islam is die vinnigste groeiende godsdiens in die land.”

(Geraldine Naum, Newsday Religious Writer, Newsday.)[3]

• “Islam, die die vinnigste groeiende godsdiens in die VSA...”

(Ari L. Goldman, New York Times.)[4]

Hierdie verskynsel is ‘n aanduiding dat Islam waarlik die geloof van God is. Dit is onredelik om te dink dat soveel Amerikaners, en mense van alle lande dwarsoor die wêreld, die Islamitiese geloof aanneem sonder ernstige oorweging en bepeinsing aangaande die waarheid daarvan. Al hierdie nuwe Muslims kom uit verskillende lande, klasse, rasse en lewensstandaarde. Onder hulle is wetenskaplikes, professors, filosowe, joernaliste, politikuste, akteurs en atlete.

In hierdie hoofstuk, word slegs ‘n paar bewyse gelewer om te bevestig dat die Qur’an die direkte Woord van God is, dat Muhammad die Profeet van God is, en dat Islam die ware geloof van God is.

---

(1) Larry B. Stammer, Times Religious Writer, “First Lady Breaks Ground With Muslims,” Los Angeles Times, Home Edition, Metro Section, Afdeling B, 31 Mei, 1996, bl. 3.

(2) Timothy Kenny, “Elsewhere in the World,” USA Today, Final Edition, News Section, 17 Februarie, 1989, bl. 4A.

(3) Geraldine Baum, “For Love of Allah,” Newsday, Nassau and Suffolk Edition, Part II, 7 Maart, 1989, bl. 4.

(4) Ari L. Goldman, “Mainstream Islam Rapidly Embraced By Black Americans,” New York Times, Late City Final Edition, 21 Februarie, 1989, bl. 1

# HOOFSTUK 2

# VOORDELE VAN ISLAM

Die geloof van Islam bevat vele voordele vir die persoon wat daarin glo. Vervolgens word n paar van hierdie voordele genoem:

## 1) Die Deur na die Ewige Paradys

In hierdie hoofstuk, word slegs 'n paar bewyse gelewer om te bevestig dat die Qur'an die direkte Woord van God is, dat Muhammad die Profeet van God is, en dat Islam die ware geloof van God is.

***En gee 'n blye tyding aan hulle wat glo en goeie dade verrig, dat daar vir hulle Tuine is waardeur riviere vloei...***

***Qur'an, 2:25***

God sê ook:

***Wedywer dan met mekaar vir die vergifnis van julle Heer en vir die Paradys, waarvan die breedte gelyk is aan die breedte tussen die hemel en die aarde, voorberei vir diegene wat in God en Sy Boodskappers glo.***

***Qur'an, 57:21***

Die Profeet Muhammad ﷺ het aan ons die goeie tyding meegedeel dat die inwoner van die Paradys wat die laagste rang het, tien keer meer sal hê as al die skatte van hierdie wêreld,[1] en daardie persoon sal tien keer meer hê as enige iets wat hy of sy kan begeer.[2]

---

(1) Sahih Muslim, #186, en Sahih Al-Bukhari, #6571

(2) Sahih Muslim, #188, en Mosnad Ahmad, #10832

Die Profeet het ook die volgende stellings gemaak:

- "Die area van een voet in die Paradys is beter as die hele wêreld en alles wat dit bevat."[1]
- "In die Paradys is daar dinge wat geen oog nog ooit gesien het nie, geen oor nog ooit gehoor het nie, en geen menslike verstand nog ooit aan kon dink nie."[2]
- "Die mees ellendige mens tussen diegene wat vir die Paradys bestem is, sal een keer in die Paradys gedompel word. Daarna sal daar aan hom gevra word: ***'Seun van Adam, het jy al ooit teëspoed geken? Het jy al ooit swaarkry ervaar?'*** Daarop sal hy antwoord: ***'Nooit … (ek sweer) voor God, die Heer! Ek het nog nooit ellende geken nie, en ek het nog nooit enige swaarkry ervaar nie.'***"[3]

Wanneer jy die Paradys ingaan, sal jy 'n Ewige Lewe van geluk en vrede ondervind. Geen siekte, hartseer of dood kan jou daar oorval nie. God sal met jou tevrede wees en jy sal vir ewiglik daar lewe. God sê in die Heilige Qur'an:

***﴾En diegene wat glo en goeie dade verrig, Ons sal hulle die Tuine waardeur riviere vloei laat binnegaan, om vir ewig daarin te woon…﴿***

***Qur'an, 4:57***

(Besoek ons webwerf www.islam-guide.com/hereafter vir verdere informasie aangaande die Paradys en die lewe na die dood.)

HOOFSTUK 2
Voordele van Islam

---

(1) Sahih Al-Bukhari, #6568, en Mosnad Ahmad, #13368

(2) Sahih Muslim, #2825, en Mosnad Ahmad, #8609

(3) Sahih Muslim, #2807, en Mosnad Ahmad, #12699

# 2) Verlossing van die Vuur van die Hel

God sê in die Qur'an:

*﴾... Diegene wat ongelowig was en gesterf het in hul ongeloof – die aarde vol goud sal nie van enige een van hulle af aanvaar word as hulle dit sou offer as losprys nie Op hulle wag 'n pynlike straf, en hulle sal geen helpers hê nie ...﴿*

***Qur'an, 3:91***

Hierdie verganklike lewe is ons enigste geleentheid om ['n regverdige lewe te lei en] die Paradys te beërf en [om ongeregtigheid te vermy, om] die Vuur van die Hel vry te spring. Indien ons sou sterf terwyl ons nie in God glo nie, sal ons geen tweede geleentheid gegun word om terug te keer na hierdie wêreld om onsself te bekeer nie.

Met betrekking tot die ongelowiges op die Dag van Vergelding sê God:

*﴾En as u maar net kon sien wanneer hulle gedwing sal word om oor die Vuur te staan! Dan sal hulle sê: 'O wee! As ons maar net teruggestuur kon word, dan sou ons nie die tekens van ons Heer verwerp nie,maar ons sal ons by die gelowiges skaar'...﴿*

***Qur'an, 6:27***

Geen mens sal hierdie tweede kans gegun word nie.

Die Profeet Muhammad ﷺ het gesê:

"Die man wat die gelukkigste is tussen diegene wat vir die Vuur (Hel) bestem is, sal op die Dag van Vergelding een keer in die Vuur gedompel word. Daarna sal daar aan hom gevra word: 'Seun van Adam, het jy al ooit enige goedheid beleef? Het jy al ooit seëninge ontvang?' Daarop sal hy antwoord: 'Nooit ... (ek sweer) voor God, die Heer!' "[1]

(1) Sahih Muslim, #2807, en Mosnad Ahmad, #12699

# 3) Ware Geluk en innerlike Vrede

Ware geluk en innerlike vrede kan slegs ondervind word wanneer 'n mens jouself onderwerp aan die gebooie van die Skepper en Onderhouer van die heelal. God sê in die Heilige Qur'an:

***﴾… Waarlik! In die oordenkings van God vind harte tevredenheid…﴿***

***Qur'an, 13:28***

In teenstryd hiermee sal die persoon wat wegdraai van God se Woord af en geen gedagte aan hom spaar nie, se lewe gevul word met struikelblokke. God sê:

***﴾…Wie ook al wegdraai van My Advies af, sy lewe sal vernou word, en op die Dag van Wederopstanding sal Ons hom met blindheid opwek…﴿***

***Qur'an, 20:124***



Die bogenoemde verwysing kan verduidelik waarom sekere mense so hopeloos voel dat hulle daartoe gedryf voel om hul eie lewe te neem ten spyte daarvan dat hulle finansiële gemak beleef en omring is deur alles wat geld kan koop.

Kom ons kyk na Cat Stevens (nou Yusuf Islam) se lewe as 'n voorbeeld:

Hy was destyds 'n suksesvolle pop-sanger wat dikwels meer as $150 000 per aand verdien het vir 'n enkele optrede. Dit was eers nadat hy Islam aanvaar het dat hy waarlik geluk beleef het. Al sy materiële sukses het hom nie gelukkig gemaak nie.(1)

(Verdere verhale van mense wat Islam aanvaar het is beskikbaar

(1) (Indien u met Yusuf Islam wil korrespondeer) Sy huidige adres is: 2 Digswell Straat, London N7 8JX, U.K.

op ons webwerf www.islam-guide.com/stories. Hierdie mense kom uit verskeie lande, agtergronde en opvoedingsvlakke. U kan ook verwys na die boek, Why Islam is our Only Choice.[1])

## 4) Vergifnis vir Alle Voorafgaande Sondes

God belowe dat Hy al ons voorafgaande sondes en ongeregtighede sal vergewe wanneer ons Hom as God erken en Islam as ons geloof aanvaar.

‘n Man met die naam van Amr het na die Profeet Muhammad ﷺ toe gegaan en gesê: “Gee my jou regterhand sodat ek my eed van getrouheid aan jou kan aflê.” Die Profeet het sy regterhand uitgestrek, maar Amr het dadelik sy hand weggeruk. Die Profeet vra toe: “Wat is verkeerd, Amr?” Hy antwoord toe: “Ek wil ‘n voorwaarde neerlê.” Die Profeet vra toe: “Wat is die voorwaarde wat jy wil neerlê?” Amr antwoord toe as volg: “Dat God my sondes vir my sal vergewe.” Toe sê die Profeet: “Het jy nie geweet dat al jou voorafgaande sondes vergewe sal word wanneer jy Islam aanvaar nie?”[2]

Nadat ‘n persoon Islam aanvaar het, sal hy vergoed word vir sy goeie dade, of gestraf word vir sy ongeregtighede – soos aangeteken in die volgende Hadith (gesegde) van die Profeet:

***“Jou Heer, Geseënd en Verhewe is Hy, is die Mees Genadige. Wanneer iemand beplan om ‘n goeie daad te verrig maar dit nie doen nie, sal een goeie daad in sy guns aangeteken word. As hy dit wél uitvoer, sal ‘n vergoeding van tien tot sewe-honderd keer (die vergoeding van een goeie daad) in sy guns aangeteken word. Wanneer iemand beplan om ‘n ongeregtige daad te verrig maar dit nie doen nie, sal ‘n goeie daad vir hom aangeteken word, maar as hy dit wél uitvoer, sal ‘n ongeregtige daad teen hom aangeteken word, of God sal dit uitwis [deur Sy Genade].”*** [3]

---

(1) Why Islam is our Only Choice, geskryf deur Muhammad H. Shahid. Beskikbaar op ons webwerf, of kontak een van die organisasies op ons lys – bl. 69,70

(2) Sahih Muslim, #121, en Mosnad Ahmad, #17357.

(3) Mosnad Ahmad, #2515, en Sahih Muslim, #131

# HOOFSTUK 3

# ALGEMENE INLIGTING AANGAANDE ISLAM

## Wat is Islam?

Om in Islam te glo, beteken dat jy gehoorsaam is aan die leërings van die Laaste uitverkore Profeet van God en dat jy die Boodskap van die Heilige Qur'an aanvaar wat deur God aan hom geopenbaar is.

## Basiese Geloofsoortuigings:

### 1) Geloof in God:

Muslims glo in Een Onvergelykbare, Enkelvoudige God wat geen seun of helper het nie. Geen wese is waardig om aanbid te word behalwe God nie. Hy is die Enigste Ware God en alle ander gode en afgode is vals. God kan aangeroep word by enige van sy wonderbaarlike name, soos Die Allerhoogste, Die Regverdige en Die Vredevors. Geen ander wese deel in Sy Almag of in Sy Perfekte en Goddelike einskappe nie.

In die Heilige Qur'an beveel God die Profeet Muhammad ﷺ om Hom as volg aan ander te beskryf:

***﴾Sê: Hy, God, is Een. God is onafhanklik. Hy verwek nie, en is ook nie verwek nie. En Hy het geen gelyke nie.﴿***

***Qur'an, 112:1-4***



Hoofstuk 112: Arabiese Kalligrafie

Daar bestaan geen wese wat enigsins waardig is om aanbid te word, aangeroep te word of voor wie enige mens mag neerbuig en offerhande bring behalwe God Alleen nie.

God Alleen is die Almagtige Skepper, Alleenheerser (Soewerein) en Onderhouer van alles wat bestaan in die heelal. Hy is die Een wat in beheer is van alles. God het nie die hulp van enige van sy skepsels nodig nie, maar alles wat deur Hom geskape is het Hom nodig.

Hy is die Alhorende, Alsiende en Alwetende God. Sy Perfekte Kennis vervat alles wat bestaan – wetend en onwetend, openlik en verborge. Hy dra kennis van dit wat reeds gebeur het, dit wat huidiglik gebeur en alles wat in die toekoms sal gebeur en niks gebeur in hierdie wêreld sonder dat Hy dit toelaat nie – volgens Sy Wil. As dit Sy Wil is dat iets sou gebeur kan niks of niemand dit keer nie, en as dit nie Sy Wil is dat iets gebeur nie, kan geeneen dit laat gebeur nie. God se Wil is verhewe bo die wil van enige van sy skepsels. God het die Mag oor alle dinge en Hy kan enige iets vermag. Hy is die Mees Genadige, die Mees Barmhartige, die Mees Goedhartige.

In een van die gesegdes van die Profeet Muhammad ﷺ staan dit opgeteken dat God meer genadig is teenoor Sy Skepsels as wat ‘n moeder is teenoor haar kind.[(1)]

God is vêr verhewe bo onreg en tirannie. Hy is die Alwyse in al Sy besluite en gebooie. As ons iets van God af wil vra kan ons Hom direk aanspreek. Geen ander persoon hoef namens ons as bemiddelaar op te tree nie.

God is nie Jesus nie, en Jesus is nie God nie.[(2)] Selfs Jesus het

---

(1) Sahih Muslim, #2754, en Sahih Al-Bukhari, #5999

(2) Op 25 Junie, 1984 het Associated Press in London berig dat die oorgrote meerderheid van die Anglikaanse Biskoppe (31 uit die 39 Biskoppe) die volgende stelling gemaak het: “Christene is nie verplig om te glo dat Jesus God is nie.” Verder het die berig genoem dat 19 van die 31 Biskoppe gesê het “Dit is voldoende om Jesus as die hoogste verteenwoordiger van God te beskou.” Hierdie peiling was gedoen deur die London Weekend Televison godsdiens program CREDO.

hierdie idee verwerp. God sê in die Qur'an:

> ﴿***…Voorwaar, hulle is ongelowig wat sê: Waarlik, God is die Messias, die seun van Maria. En die Messias het gesê: 'O Kinders van Israel! Aanbid God, my Heer en julle Heer.' Vir dié wat andere met God vereenselwig het God die Hemel gesluit, en die Vuur sal sy blyplek wees. Vir die kwaaddoeners sal daar geen helpers [(1)] wees nie...***﴾
>
> ***Qur'an, 5:72***

God is nie deel van 'n drie-eenheid nie. God sê in die Qur'an:

> ﴿***…Voorwaar, hulle wat sê: God is die derde van die drie, is ongelowig. Daar is geen god behalwe Een God nie. Indien hulle nie hul beweringe staak nie, sal die ongelowiges 'n pynlike straf ontvang. …Sal hulle dan nie hulself liewer bekeer voor God en Hom vra vir Vergifnis nie? Waarlik, God is dikwels Vergewensgesind, die Mees Barmhartige. Die Messias, seun van Maria, was slegs 'n Boodskapper…***﴾
>
> ***Qur'an, 5:73-75***

Islam verwerp die volgende oortuigings:

- Dat God op die sewende dag van die Skepping gerus het
- Dat Hy met een van Sy engele geworstel het
- Dat God afgunstig staan teenoor die mensdom
- Dat God gereïnkarneer het in die vorm van enige mens (insluitende Jesus)
- Islam verwerp ook die toekenning van enige menslike vorm of menslike eienskappe aan God

---

(1) Die 'kwaaddoeners' sluit die heidene en afgodedienaars in.

Al die bogenoemde word as lastering beskou. God is Verhewe en vêr verwyder van enige vorm van onvolmaaktheid. God word nooit moeg nie. Hy voel nie lomerig en raak aan die slaap nie.

Die Arabiese woord **Allah** beteken God (die Een en Enigste Ware God – Skepper van die heelal). Die woord **Allah** verwys na God en hierdie woord word gebruik deur beide Arabies-sprekende Christene en Muslims. Die woord **Allah** kan nie gebruik word om enige iets anders aan te dui behalwe die Een Ware God nie. Die Arabiese woord, **Allah**, kom 2150 keer voor in die Heilige Qur'an. In Aramees – 'n taal wat verwant is aan Arabies en die taal is wat Jesus gewoonlik gepraat het[1]– word daar ook na God verwys as **Allah**.

## 2) Geloof in die Engele:

Muslims glo in die bestaan van die Engele en dat hulle geëerde wesens is. Die engele dien God Alleen. Hulle is gehoorsaam aan God en volg slegs Sy Bevele. Een van die engele – die engel Gabriël – het neergedaal uit die Hemel op God se Bevel, en die Heilige Qur'an aan die Profeet Muhammad ﷺ geopenbaar.

## 3) Geloof in die Heilige Skrifte wat deur God geopenbaar is:

Muslims glo dat God Heilige Skrifture geopenbaar het aan Sy Boodskappers (Profete) sodat hulle dit as 'n bewys van hulle heilige roeping aan die mensdom kon toon en sodat die inhoud daarvan Goddelike leiding kon verskaf aan die mens.

Een van hierdie Skrifture is die Heilige Qur'an wat God aan die Profeet Muhammad ﷺ geopenbaar het. God het ook gewaarborg dat Hy die Qur'an sal beskerm sodat geen woord daarvan ooit verdraai of verander sal word nie.

(1) NIV Compact Dictionary of the Bible, Douglas, bl.42

God sê in die Qur'an:

﴿*...Inderdaad het Ons die Vermaning geopenbaar, en Ons sal dit gewis beskerm [teen korrupsie]...*﴾

***Qur'an, 15:9***

## 4) Geloof in die Profete en Boodskappers van God:

Muslims glo in al die Profete en Boodskappers van God – vanaf Adam, insluitende Noag; Abraham; Isak; Jakob; Moses en Jesus (mag vrede met hulle almal wees).

Ons glo dat God se finale Boodskap aan die mensdom aan die Profeet Muhammad ﷺ geopenbaar was en dat dit 'n herbevestiging is van die Ewige Boodskap van God. Muslims glo dat die Profeet Muhammad ﷺ die laaste uitverkore Profeet van God is.

God het gesê:

﴿*...Muhammad is nie die vader van enige van julle mans nie, maar hy is die Boodskapper van God, die Seël op al die Profete. En God dra kennis van alle dinge...*﴾

***Qur'an, 33:40***

Muslims glo dat al die Profete en Boodskappers van God, deur God geskape was. Hulle was mens, en daarom deel nie een van hulle in enige van Sy Goddelike Eienskappe nie.

## 5) Geloof in die Oordeelsdag:

Muslims glo in die Oordeelsdag (die Dag van Wederopstanding). Op daardie Dag sal die grafte oopgemaak word, die mensdom sal opgewek word en elke mens sal voor God verskyn om rekenskap te gee vir sy dade en oortuigings. Op daardie Dag sal God Sy Oordeel uitspreek oor elke mens.

## 6) Geloof in Al-Qadar (Voorbestemming):

Muslims glo in Al-Qadar. Die woord beteken Goddelike voorbestemming. Die geloof dat God ons lewens vooruitbepaal het beteken nie dat die mens geen vrye wil het nie. Inteendeel, Muslims glo dat God juis aan die mens sy eie wil gegee het sodat hy die keuse tussen goed en kwaad kan maak. Omdat die mens sy eie keuse kan maak, moet hy uit die aard van die saak verantwoordelikheid aanvaar vir die uiteinde van sy keuses. Daarom sal ons moet rekenskap gee vir al ons aksies, besluite en keuses.

Geloof in Goddelike voorbestemming sluit die vaste geloof in die volgende vier konsepte in:

1. Die geloof dat God Alwetend is en dat Hy kennis dra van die verlede en die toekoms.
2. Die geloof dat God rekord hou van alles wat reeds gebeur het, en alles wat in die toekoms sal gebeur.
3. Die geloof in die volgende: Indien dit God behaag om iets te laat gebeur sal niks dit kan verhoed nie, en indien dit God nie behaag dat iets moet gebeur nie, sal niks dit tot stand kan roep nie.
4. Die geloof dat God die Skepper is van alles wat bestaan.

(Vir verdere inligting aangaande Islamitiese geloofsoortuigings,

besoek ons webwerf www.islam-guide.com/beliefs.)

# Bestaan daar enige ander Geheiligde Bron behalwe die Qur'an?

Verseker! Die Sunnah (lewenswyse en leerstellings van die Profeet) is die tweede bron van inligting en kennis in Islam. Die Sunnah is 'n omvattende opgawe van die lewenswyse en leerstellings van die Profeet. Dit bestaan uit verslae wat mondelings oorgedra was deur die metgeselle (volgelinge) van die Profeet Muhammad ﷺ en daarna deur Muslim teoloë in bundels neergeskryf was nadat elke persoon (verteller) se betroubaarheid en eerlikheid d.m.v. getuies bevestig was. Elke verslag word 'n Hadith genoem (meervoud: Ahadith). Geloof in die Sunnah is een van die basiese beginsels van die Islamitiese geloof.

# Voorbeelde van die Profeet Muhammad se Ahadith (gesegdes)

- In hul liefde, barmhartigheid en vriendelikheid teenoor mekaar is die gelowiges soos een liggaam: wanneer enige deel daarvan siek is, ly die hele liggaam aan slapeloosheid en koors. (1)
- Die persoon met die mees volmaakte geloof is die een met die beste sedes [etiese en morele waardes], en die beste onder hulle is dié wat hul vroue die beste behandel. (2)
- Niemand se geloof is volmaak totdat hy nie vir sy broer begeer wat hy vir homself begeer nie.(3)
- Die Mees Barmhartige (God) sal Barmhartigheid toon aan dié

(1) Sahih Muslim, #2586, en Sahih Al-Bukhari, #6011.

(2) Mosnad Ahmad, #7354, en Al-Tirmizi, #1162.

(3) Sahih Al-Bukhari, #13, en Sahih Muslim, #45.

wat barmhartig is teenoor ander. Wees dus genadig teenoor jou medemens op aarde, en God sal aan jou Barmhartigheid betoon.(1)

- Om vir jou broer te glimlag is liefdadigheid.(2)
- ‘n Goeie woord is liefdadigheid.(3)
- Wie ookal in God en die Laaste Dag (Oordeelsdag) glo, moet goed doen aan sy naaste.(4)
- God oordeel jou nie volgens jou voorkoms of rykdom nie, maar Hy kyk na jou hart en jou dade.(5)
- Betaal die werker sy loon voordat sy sweet droog word.(6)
- “’n Man wat langs die pad gestap het, het baie dors gevoel. Toe hy by ‘n put kom het hy daarin afgeklim, sy dors geles en weer uitgeklim. Toe sien hy ‘n hond. Sy tong het uitgehang van die dors en hy was besig om modder op te lek sodat hy sy dors kon les. Die man het gesê: ‘Hierdie hond is net so dors soos wat ek was.’ Weereens het die man in die put afgeklim. Hy het sy skoen met water gevul en die hond daaruit laat drink. God was dankbaar en het sy sondes vergewe.”

  Iemand het aan die Profeet gevra: “Boodskapper van God, word ons dan beloon vir ons goedhartigheid teenoor diere?” Daarop antwoord die Profeet: “Daar is beloning vir goedhartigheid teenoor elke lewende mens en dier.” (7)

---

(1) Al-Tirmizi, #1924, en Abu-Dawood, #4941
(2) Al-Tirmizi, #1956.
(3) Sahih Muslim, #1009, en Sahih Al-Bukhari, #2989
(4) Sahih Muslim, #48, en Sahih Al-Bukhari, #6019
(5) Sahih Muslim, #2564
(6) Ibn Majah, #2443
(7) Sahih Muslim, #2244, en Sahih Al-Bukhari, #2466

# Wat sê die Qur'an aangaande die Oordeelsdag?

Net soos die Christene, glo Muslims dat hierdie lewe slegs 'n tydelike voorbereiding is vir die Hiernamaals – die Ewige Lewe wat voorlê. Hierdie verganklike lewe is 'n toets wat ons voorberei vir die lewe na die dood. Die Oordeelsdag sal aanbreek, en op daardie Dag sal God hierdie heelal tot niet maak. Die dooies sal opgewek word en elke siel sal voor God te staan kom om rekenskap te gee. Die Oordeelsdag sal die begin wees van 'n lewe sonder einde en op daardie Dag sal God elke mens vergoed volgens sy dade en geloofsoortuigings.

Indien 'n mens sou sterf terwyl hy met oortuiging glo dat daar geen Ware God bestaan behalwe God die Almagtige nie, en dat Muhammad die Boodskapper (en Profeet) van God is, is hy 'n Muslim (iemand wat homself onderwerp aan God). Só 'n persoon sterf in 'n toestand van Islam (onderwerping aan God se Wil) en op die Oordeelsdag sal God hom vergoed en hom toegang gee tot die Paradys.

God het gesê:

***{En hulle wat glo en goeie dade verrig sal die Hemel beërwe; en hulle sal ewiglik daarin woon.}***

***Qur'an, 2:82***

Indien 'n mens sou sterf terwyl hy NIE glo dat God die Almagtige die enigste Ware God is, en dat Muhammad die Boodskapper (en Profeet) van God is nie, is hy nie 'n Muslim (iemand wat homself onderwerp aan God) nie. So 'n persoon sal nie die Paradys binnegaan nie. Hy sal die Hel betree.

God het gesê:

***{... En wie ookal 'n godsdiens verkies behalwe Islam, dit sal nie van hom af aanvaar word nie en hy sal een van die verloorders wees in die Hiernamaals...}***

***Qur'an, 3:85***

God noem ook:

﴾ ***... Diegene wat ongelowig was en gesterf het in hul ongeloof – die aarde vol goud sal nie van enige een van hulle af aanvaar word as hulle dit sou offer as losprys nie. Op hulle wag 'n pynlike straf, en hulle sal geen helpers hê nie ...*** ﴿

***Qur'an, 3:91***

Wanneer mense daaraan dink om Islam te aanvaar is hulle dikwels bang dat hul gesinslede en vriende hulle sal verwerp of spot. Die vraag waarmee hulle worstel is: "Sal ek die Paradys kan ingaan as ek nie Islam aanvaar nie, of sal ek die Hel betree?"

Die antwoord lê in die vers wat reeds hierbo aangehaal is: ***"En wie ookal 'n godsdiens verkies behalwe Islam, dit sal nie van hom af aanvaar word nie en hy sal een van die verloorders wees in die Hiernamaals."***

Nadat God die Profeet Muhammad ﷺ uitverkies het om die mensdom te roep tot Islam, sal Hy geen ander geloof van die mens af aanvaar behalwe Islam nie. God is ons Skepper en Onderhouer. Hy het alles wat op aarde is aan die mens onderwerp. Al ons voorspoed en seëninge is van Hom afkomstig. As die mens dan bewus is van al hierdie dinge en steeds weier om te glo in God en Sy Profeet, en steeds Sy geloof verwerp, is dit net regverdig dat so 'n persoon in die Hiernamaals gestraf moet word.

Om God Alleen te aanbid en aan Hom Alleen gehoorsaam te wees is die hoofdoel van die mens se skepping – soos aangeteken in die Heilige Qur'an (Hoofstuk 51:56). Hierdie tydelike lewe waarin ons onsself bevind is baie kortstondig. Op die Dag van Vergelding (die Oordeelsdag) sal die ongelowiges dink dat hulle vertoef op aarde slegs 'n dag, of deel van 'n dag geduur het. God noem in die Qur'an:

﴾ ***…Hy sal vra: Hoeveel jaar het julle op die aarde vertoef? Hulle sal antwoord: Ons het 'n dag vertoef, of 'n deel van 'n dag...*** ﴿

***Qur'an, 23:112,113***

God sê verder:

﴾ ***... Het julle dan gedink dat Ons julle tevergeefs geskape het, en dat julle nie na Ons sal terugkeer nie? Verhewe is God, die Ware Koning! Daar is geen god buiten Hom nie. Hy is die Heer van die Voortreflike Troon! ...*** ﴿

***Qur'an, 23:115, 116***

Die Lewe in die Hiernamaals is die waarlike lewe. Dit is 'n lewe wat beide geestelik en natuurlik is en ons sal daar leef in liggaam en in siel. In sy vergelyking tussen hierdie verganklike lewe en die Hiernamaals het die Profeet Muhammad ﷺ gesê:

"Die waarde van hierdie wêreld in vergelyking met die Hiernamaals is soos dít wat jou vinger uit die see kan haal as jy dit in die see sou druk en uithaal." (1) Met ander woorde, die waarde van hierdie wêreld is maar soos 'n druppeltjie in vergelyking met die see.

## Hoe word 'n mens 'n Muslim?

Om Islam te aanvaar is eenvoudig. Deur die woorde "La ilaha illa Allah,(2) Muhammadur Rasoolu Allah" te sê word 'n mens 'n Muslim. Dit beteken: "Daar is geen god waardig om aanbid te word behalwe Allah [God] nie, en Muhammad is die Boodskapper van God." Wanneer 'n mens hierdie woorde uiter, word jy onmiddellik 'n Muslim. Dit is egter noodsaaklik dat jy die betekenis van hierdie woorde verstaan en dat jy dit met opregtheid en oortuiging in jou hart aanvaar.

(1) Sahih Muslim, #2858, en Mosnad Ahmad, #17560.

(2) Soos reeds verduidelik op bl. 48 en 49 – die Arabiese woord Allah beteken God: die Een en Enigste Ware God, Skepper van die heelal. Hierdie woord is die Arabiese vertaling van die woord God en word deur beide Christene en Muslims gebruik in Arabies-sprekende lande.

Die eerste deel van die stelling "La ilaha illa Allah" beteken dat daar geen god is wat die reg het om aanbid te word, behalwe die God die Almagtige Skepper nie. Hy is Enkelvoudig en Uniek en het geen vennoot met wie Hy Sy Mag deel nie. Hy verwek geen kinders nie en Hy is ook nie verwek uit 'n moeder nie. Hy is God – verhewe bo menslike kwaliteite.

As 'n Muslim, moet ons ook:

- Glo dat die Heilige Qur'an die direkte, letterlike Woord van God is en dat dit deur God aan Sy Profeet geopenbaar is.
- Glo in die Oordeelsdag (die Wederopstanding) en dat dit die waarheid is en verseker sal aanbreek net soos wat God dit in die Qur'an beskryf en waarborg.
- Oortuig wees dat Islam jou geloof is en dat jy onwrikbaar daarin glo.
- Glo dat geen ander wese of afgod aanbid mag word behalwe God die Almagtige nie.

Die Profeet Muhammad ﷺ het gesê:

"Wanneer iemand berou het en homself bekeer en sy hart na God wend, is God gevul met meer blydskap as die man wat in die wildernis met sy kameel op reis was. Die kameel het van hom af weggehardloop, saam met al sy kos en water. Die man het alle hoop verloor dat hy ooit sy kameel sou opspoor. In sy hopelose toestand gaan lê hy onder 'n koelteboom se skaduwee (om die dood af te wag). Terwyl hy in hierdie desperate toestand is, verskyn sy kameel skielik voor hom! Hy gryp die kameel se halter vas en, oorstelp van vreugde, skree hy: 'O God! U is my dienskneg en ek is U heer!' Sy vreugde is so oorweldigend dat hy skoon 'n fout begaan in sy uitroep."[1]

---

(1) Sahih Muslim, #2747, en Sahih Al-Bukhari, #6309



Die woorde "La ilaha illa Allah, Muhammadur Rasoolu Allah" staan geskryf bo hierdie ingang.

# Waaroor handel die Qur'an?

Die Heilige Qur'an is die finale openbaring van God se Woord en is die hoof bron van elke Muslim se kennis aangaande die geloof en die beoefening van die geloof.

Die Qur'an bespreek al die onderwerpe wat van belang is vir die mens: wysheid; leerstellings; aanbidding; transaksies, die wet ens. Maar die hoof tema van die Qur'an is die verhouding tussen God en Sy Skepping.



Hierdie Goddelike Skrif verskaf die mens met gedetailleerde leerstellings en riglyne vir 'n regverdige gemeenskap, morele en etiese menslike verhoudings, en 'n billike ekonomiese stelsel.

Neem kennis dat die Qur'an in die Arabiese taal geopenbaar was aan die Profeet Muhammad ﷺ. Enige vertaling van die Qur'an in enige ander taal word nie as "die Qur'an" aanvaar nie. Dit is slegs 'n vertaling van die betekenis van die Arabiese woorde. Slegs die Arabiese weergawe word erken as die Qur'an.


# Wie was die Profeet Muhammad?

Muhammad is gebore in Mekka in die jaar 570 n.C. Sy vader is oorlede net voor sy geboorte en sy moeder is kort na sy geboorte oorlede. Omdat hy 'n weeskind was het sy oom hom grootgemaak. Sy oom was 'n lid van 'n gerespekteerde stam onder die Qur'aysh.

Muhammad was ongeletterd. Tot en met sy dood kon hy nooit lees of skryf nie. Voordat sy roeping as Profeet begin het, was die Arabiere onkundig aangaande wetenskaplike feite want die oorgrote meerderheid van hulle was ongeletterd.

Op 'n jong ouderdom was Muhammad reeds geken as 'n betroubare, eerlike, vrygewige en opregte man en almal het hom Die Betroubare [1] genoem. Hy was 'n diep godsdienstige man en het van jongs af die afgodediens en morele en kulturele agteruitgang van die Arabiere verafsku. Die Arabiere was geken aan hul oordrewe liefde vir die plesiere en materiële weelde van hierdie wêreld.

Op die ouderdom van veertig het Muhammad die eerste keer Openbaring van God af ontvang deur middel van die Engel Gabriël. Hierdie Openbarings het voortgeduur vir 'n periode van drie-en twintig jaar, en gesamentlik staan dit bekend as die Qur'an.



Die Profeet Muhammad ﷺ se Moskee in Medina.

(1) Mosnad Ahmad, #15078

Toe die Profeet Muhammad ﷺ begin om die Ware Boodskap waarmee God hom toevertrou het te verkondig en om die Qur'an aan die mense voor te dra, het die ongelowiges hom en sy klein groepie volgelinge met mening begin vervolg. Hierdie vervolging en marteling het so erg geraak dat God in die jaar 622 n.C. die Muslims beveel het om te migreer.

Die migrasie van Mekka na Medina was 'n afstand van om en by 260 myl in 'n noordelike rigting, en hierdie reistog merk die begin van die Muslim kalender. 'n Paar jaar later het God dit vir Muhammad en sy volgelinge moontlik gemaak om terug te keer na Mekka toe en hulle het hul vyande vergewe.

Voor die Profeet Muhammad ﷺ se dood op die ouderdom van drie-en sestig, het die grootste deel van die Arabiese Skiereiland se bevolking reeds Islam aanvaar en dit was onder Muslim beheer. Binne die daaropvolgende eeu het Islam versprei na Spanje in die Weste, tot so vêr as China in die Ooste. Een van die grootste redes vir die spoedige en vreedsame groei van Islam was die Waarheid en duidelikheid van die leerstellings. Islam roep die mens tot geloof in Een Enkelvoudige God – die Enigste Een wat waardig is on aanbid te word.


Die Profeet Muhammad ﷺ was die perfekte voorbeeld van die eerlikheid, regverdigheid, barmhartigheid, betroubaarheid en dapperheid wat binne elke mens se vermoë is om te bereik. Alhoewel hy slegs 'n mens was, het God hom gereinig van bose karaktereinskappe en hy het sy lewe toegewy daaraan om sy roeping te volbring vir God se onthalwe en vir die vergoeding wat op hom wag in die Hiernamaals. In al sy onderhandelings en aksies was hy gedagtig aan God en het hy gevrees om God teleur te stel.

(Vir meer inligting aangaande die Profeet Muhammad ﷺ,

besoek ons webwerf www.islam-guide.com/muhammad.)

# Hoe het die Groei van Islam Wetenskaplike Ontwikkelling beïnvloed?

Islam beopdrag die mens om sy intelligensie-en waarnemingsvermoë te gebruik. Binne ‘n kort tydperk na die verspreiding van Islam, het magtige beskawings en universiteite begin floreer.



Die Astrolabium: Ontwikkel deur die Muslims en deur die eeue heen gebruik deur Westerse seevaarders.

Die samesmelting van Westerse en Oosterse idees en ideologie, antieke wysheid gekombineer met meer huidige kennis, het geweldige vooruitgang meegebring op die gebied van geneeskunde; wiskunde; fisika; sterrekunde; aardrykskunde; argitektuur; kuns; literatuur en geskiedenis.

Baie belangrike metadologie (‘n reeks metodes en tegnieke van wetenskaplike noukeurigheid om ‘n resultaat te bewys) was ontwikkel tydens hierdie tydperk – bv. algebra, die Arabiese syferstelsel, en die konsep van nul (wat noodsaaklik is vir die bevordering van wiskunde). Hierdie metadologie was deur Muslim Akademici oorgedra na Middeleeuse Europa.



Gesofistikeerde instrumente, soos die Astrolabium, die (geometriese) Kwadrant, en akurate navigasiekaarte is deur die Muslims ontwikkel. Hierdie instrumente was noodsaaklik vir die Europese seevaarders in hul ontdekkingsreise op soek na nuwe landstreke.

Muslim geneeshere het geweldig aandag gegee aan chirurgie en die ontwikkeling van chirurgiese instrumente, soos beskryf op die onderstaande dokument:

## Wat glo Muslims aangaande Jesus?

Muslims respekteer en vereer Jesus (mag vrede met hom wees). Jesus is een van die belangrikste Boodskappers wat God aan die mensdom gestuur het. Die Qur'an bevestig dat Jesus op 'n wonderbaarlike wyse verwek is en dat hy uit die maagd, Maria, gebore is. 'n Hele hoofstuk in die Qur'an is na die maagd Maria (Maryam) vernoem.

Die Qur'an beskryf die geboorte van Jesus as volg:

> ***﴾ ...Onthou toe die Engele gesê het: "O Maria! Waarlik, God skenk aan jou die blye tyding van 'n Woord van Hom af. Sy naam sal Die Messias, Jesus, die seun van Maria wees en hy sal vereer word in hierdie wêreld en in die Hiernamaals, en hy sal één van diegene wees wat naby aan God gebring sal word. En vanuit sy wiegie, en as 'n man, sal hy met die volk praat, en hy sal een van die regverdiges wees." Toe sê sy: "My Heer! Hoe kan ek 'n kind baar terwyl geen man my nog ooit aangeraak het nie?" Hy (God) het gesê: "Só skep God wat Hy Wil. Wanneer Hy iets besluit, sê Hy slegs 'Wees!' en dit kom tot stand."﴿***
>
> ***Qur'an, 3:45 - 47***

Jesus se wonderbaarlike geboorte het plaasgevind volgens God se bevel – net soos wat Hy Adam ook tot stand geroep het sonder die betrokkenheid van 'n moeder of 'n vader. God het gesê:

***﴾...Die gelykenis van die skepping van Jesus is soos dié van Adam. God het hom uit klei geskep, en Hy het aan hom gesê: "Wees!" En hy was [tot stand geroep].﴿***

***Qur'an, 3: 59***

Tydens sy profetiese roeping het Jesus vele wonderwerke verrig. God vertel ons dat Jesus gesê het:

***﴾... En ek kom na julle met 'n teken van jul Heer; Ek sal vir julle 'n voël vorm uit klei en ek sal daarin blaas, en met God se toestemming sal dit 'n voël word. En ek genees die wat met blindheid gebore was, en die melaatses, en met God se toestemming sal ek die dooies weer lewe gee, en ek sal julle vertel wat julle mag eet en wat julle in jul huise mag bewaar ...﴿***

***Qur'an, 3:49***

Muslims glo nie dat Jesus gekruisig was nie. Ons glo dat dit God se plan was dat Jesus se vyande hom sou wou kruisig, maar dat God hom hierdie marteling gespaar het en iemand anders in sy plek geplaas het. Sy vyande het gedink dat hulle hom kruisig, maar God het hom lewend opgeneem in die Hemel. God sê

***Hulle het gesê ﴾...Ons het die Messias, Jesus, die seun van Maria, die Boodskapper van God sonder twyfel doodgemaak. Hulle het hom nie doodgemaak óf gekruisig nie, maar hulle was in twyfel gedompel...﴿***

***Qur'an, 4:157***

Nie Muhammad óf Jesus was gestuur om die oorspronklike geloofbeleidenis van die uitsluitlike geloof in Een Ware God – die boodskap waarmee al die vorige Profete gestuur was – te verander nie. Hulle was albei gestuur om hierdie geloof te bevestig en te

verseker dat dit in die harte van alle gelowiges hernu word.[1]

Die Al Aqsa Moskee in Jerusalem



(Vir verdere inligting aangaande die posisie van Jesus in Islam, verwys na ons webwerf www.islam-guide.com/jesus )

(1) Muslims glo ook dat God die Skrif aan die Profeet Jesus geopenbaar het. Hierdie Skrif word die Injeel genoem in Islam. Sekere dele van die Nuwe Testament mag moontlik steeds onveranderd gebly het en kan dus moontlik die oorspronklike leering van God aan Jesus wees. Die Bybel, soos wat dit vandag geskryf staan, is nie die oorsronklike Woord van God nie. Met elke oorvertaling het die oorspronklike boodskap verlore gegaan. Daar was toevoegings aangebring en weglatings ingesluit.

'n Komitee van twee-en dertig Teoloë was saamgestel om The Holy Bible (Revised Standard Version) te hersien. 'n Verdere advieserende raad van vyftig verteenwoordigers van samewerkende denominasies het die resensie van hierdie taak onderneem. In die Voorwoord van The Holy Bible (Revised Standard Version, bl.iv) het die Komitee die volgende geskryf: "Soms is dit duidelik dat die teks daaronder gely het tydens die oordrag, maar nie één van die weergawes [van die Bybel] bied 'n bevredigende herstelling van die oorspronklike teks aan nie. Ons enigste opsie is om die beste oordeel van bevoegde Skrifgeleerdes te volg aangaande die mees waarskynlike rekonstruksie van die oorspronklike teks." Verder in die voorwoord (bl. vii) meld hulle: "Notas word bygevoeg wat sekere belangrike variasies, toevoegings en weglatings aandui in die antieke manuskripte (Matteus 9:34; Markus 3:16 & 7:4; Lukas 24:32/51 ens.)"

(Vir meer inligting aangaande die veranderings in die Bybel, besoek ons webwerf www.islam-guide.com/bible)

# Wat sê Islam oor Terrorisme?

Islam is 'n geloof van genade en terrorisme is dus ontoelaatbaar. God sê in die Qur'an:

﴾*... Maar God verbied julle nie om vriendelik en regverdig te handel teenoor dié wat nie met julle oor godsdiens baklei het of julle uit jul huise verdryf het nie. Verseker het God die regverdiges lief ...*﴿

***Qur'an, 60:8***

Die Profeet Muhammad ﷺ het sy soldate verbied om vroue en kinders dood te maak[(1)] en hulle as volg aangeraai: "Moenie 'n verraaier wees nie, moenie buitensporig optree nie, en moenie 'n pasgebore baba doodmaak nie." [(2)]

Hy het verder ook gesê: "Die persoon wat iemand doodmaak wat 'n verdrag met die Muslims gesluit het sal nooit die eers die geur van die Paradys ruik nie – al kan hierdie geur oor 'n afstand van veertig jaar geruik word." [(3)]

Die Profeet het sy volgelinge verbied om enige iemand met vuur (verbranding)tebestraf.[(4)]

Die Profeet het moord as die tweede grootste sonde uitgewys[(5)] en gewaarsku dat "bloedvergieting (moord en fisiese aanranding) die eerste oortredings sal wees tussen mense wat op die Dag van Vergelding veroordeel sal word." [(6)]

Muslims word selfs aangemoedig om diere met deernis te behandel en dit is verbode om 'n dier leed aan te doen. Die Profeet

(1) Sahih Muslim, #1744, en Sahih Al-Bukhari, #3015
(2) Sahih Muslim, #1731, en Al-Tirmizi, #1408
(3) Sahih Al-Bukhari, #3166, en Ibn Majah, #2686.
(4) Abu-Dawood, #2675.
(5) Sahih Al-Bukhari, #6871, en Sahih Muslim, #88
(6) Sahih Muslim, #1678, en Sahih Al-Bukhari, #6533

het gesê: "'n Vrou was gestraf omdat sy 'n kat opgesluit het en die kat is dood. As gevolg van hierdie oortreding was sy verdoem tot die Hel. Terwyl die kat opgesluit was, het die vrou hom nie kos of iets te drinke gegee nie. Sy het ook nie die kat vrygelaat sodat hy kon oorleef op die insekte van die aarde nie." (1)

Die Profeet het ook die verhaal vertel van 'n man wat water aan 'n dorstige hond gegee het en God het sy sondes vergewe as gevolg van hierdie daad van deernis. Iemand het gevra: "Boodskapper van God, word ons dan beloon vir ons goedhartigheid teenoor diere?" en hy het geantwoord: "Daar is 'n beloning vir goedhartigheid teenoor enige lewende dier óf mens."(2)

Terwyl ons 'n dier mag slag vir die doel van voedselverskaffing, word 'n Muslim beveel om die dier te slag op so 'n wyse dat die dier nie verskrik sal wees of enigsins sal ly nie. Die Profeet Muhammad ﷺ het gesê: "Wanneer jy 'n dier slag, doen dit op die beste manier. Sorg dat die lem van jou mes skerp is sodat die dier nie ly nie."(3)

In die lig van die bogenoemde verwysings, sowel as talle ander, is dit duidelik dat selfs ons behandeling van diere aan voorwaardes gekoppel is. Dit is dus logies dat ons behandeling van mense ook aan streng vereistes moet voldoen.

Die volgende aksies word as haatlik en verbode beskou volgens die leerstellings van Islam, en volgens die mening van die Muslims oor die algemeen:

- Om dade van terreur en geweld op te stook in die harte van weerlose burgerlikes.
- Volskaalse verwoesting van geboue en eindom.
- Die bombardering en verminking van onskuldige mans, vroue en kinders.

---

(1) Sahih Muslim, #2422, en Sahih Al-Bukhari, #2365

(2) Sahih Muslim, #2244, en Sahih Al-Bukhari, #2466 (Hierdie Hadith word in meer besonderhede bespreek onder die opskrif Voorbeelde van die Profeet se Gesegdes, bl.52)

(3) Sahih Muslim, #1955, en Al-Tirmizi, #1409

Muslims volg ‘n geloof van vrede, genade en vergifnis en die oorgrote meerderheid het geen betrokkenheid by enige van die geweldadige terreuraanvalle waaraan Muslims gekoppel word nie. Indien ‘n individu (wat ‘n Muslim is) homself sou skuldig maak aan ‘n daad van terreur, is díé individu skuldig daaraan dat hy beide die landswette, sowel as die Wet van Islam (die Shari’ah) oortree het.

## Menseregte en Geregtigheid volgens Islam

Islam verskaf elke individu met regte. Vervolgens word van hierdie regte bespreek:

- Die lewe en besittings van alle burgerlikes in ‘n Islamitiese Staat word as ‘heilig’ beskou.
- Die mens se eer (reputasie) word beskerm. Daarom is dit teen die Wet om iemand te beledig of bespot. Die Profeet Muhammad ﷺ het gesê: “Waarlik, jou bloed, jou besittings en jou eer is onaantasbaar.”[1]
- Rassisme is verbode in Islam. Die Qur’an verwys na die gelykheid van mense as volg:

> ***﴾...O Mensdom! Ons het julle waarlik uit ‘n man en vrou geskape, en Ons het julle in nasies en stamme verdeel sodat julle mekaar mag erken. Waarlik, die mees geëerde onder julle in God se aangesig is die mees godsvresende.[2] Voorwaar, God is Alwetend, Ingelig.﴿***
>
> ***Qur’an, 49:13***

---

(1) Sahih Al-Bukhari, #1739, en Mosnad Ahmad, #2037

(2) ‘n Godsvresende persoon weerhou homself van alle sondes, hy verrig goeie dade soos wat God hom beveel om te doen, hy vrees God [se teleurstelling] en het God lief [vir al Sy genade teenoor hom].

Islam verwerp die idee dat sekere individue of nasies begunstig is bo ander weens hulle rykdom, mag of ras. God het die mensdom as gelykes geskape en Hy het bepaal dat die enigste onderskeid tussen hulle gemaak sal word op grond van geloof en vroomheid (godsvresendheid). Die Profeet Muhammad ﷺ het gesê:



"O my volk! Julle God is Een en julle voorvader [Adam] is een. 'n Arabier is nie beter as 'n nie-Arabier nie, en 'n nie-Arabier is nie beter as 'n Arabier nie.

'n Rooi persoon ['n blanke met 'n rooi bloos] is nie beter as 'n swart persoon nie, en 'n swart persoon is nie beter as 'n rooi persoon nie [1]… behalwe in vroomheid." [2]

Een van die grootste probleme in ons samelewing vandag is rassisme. Hierdie moderne, ontwikkelde wêreld van ons kan 'n man na die Maan toe stuur maar niemand kan 'n man keer om sy medemens te haat en teen hom oorlog te verklaar nie. Sedert die era van die Profeet Muhammad ﷺ het Islam die voorbeeld gestel en bewys dat rassisme wel beëindig kan word. Die jaarlikse Pelgrimstog (Hajj) na Mekka bewys die broederskap wat kan bestaan tussen mense van alle rasse en nasies.

Miljoene Muslims lê jaarliks hierdie Pelgrimstog af in vrede. Islam is 'n geloof van geregtigheid.

---

(1) Die verwysing na kleure in hierdie Hadith is slegs as voorbeelde genoem. Die betekenis daarvan is dat geen ras of kleur beter is as 'n ander nie.

(2) Mosnad Ahmad, #22978

God het gesê:

﴾...*Voorwaar, God beveel jou om alle items wat aan jou toevertrou is vir bewaring terug te besorg aan dié wat dit toekom, en wanneer julle tussen mense moet oordeel – oordeel met regverdigheid...*﴿

***Qur'an, 4:58***

Verder sê God:

﴾...*Wanneer twee groepe gelowiges teen mekaar veg, sluit vrede tussen hulle met regverdigheid, en behandel hulle met billikheid. Voorwaar, God het diegene lief wat billik is...*﴿

***Qur'an, 49:9***

Ons moet selfs regverdig wees teenoor die mense vir wie ons haat in ons harte koester. God sê:

﴾...*en moenie toelaat dat die haat wat jy koester vir 'n ander nasie jou ontroof van geregtigheid nie. Wees regverdig – dit is nader aan vroomheid...* ﴿

***Qur'an, 5:8***

Die Profeet Muhammad ﷺ het gesê:

***"Mense, wees bedag daarop om nie onregverdig te wees nie,[1] want onregverdigheid sal duisternis wees op die Dag van Vergelding."[2]***

En die mense wie se regte nie aan hulle toegeken was terwyl hulle 'n regverdige reg daartoe gehad het tydens hierdie lewe nie, sal dit ontvang op die Dag van Vergelding. Die Profeet het gesê:

"Op die Dag van Vergelding sal die regte van diegene wie hulle regte ontneem was teruggegee word [en alle onregte sal reggestel word]."[3]

---

(1) Onderdrukking van andere, onregverdige behandeling, of die tenakoming van 'n ander persoon.

(2) Mosnad Ahmad, #5798, en Sahih Al-Bukhari, #2447

(3) Sahih Muslim, #2582, en Mosnad Ahmad, #7163

# Die Status van vroue in Islam



Islam beskou ‘n vrou as ‘n individu in eie reg, ongeag of sy getroud of ongetroud is. Sy het die reg om eiendom te besit en om daarmee weg te doen of dit te verkoop soos wat sy goed dink. Sy het die reg om haar eie inkomste te verdien en te spandeer sonder enige voogdyskap oor haar inkomste deur haar broers, haar vader of enige ander persoon. ‘n Vrou het die reg om handel te dryf en om geskenke te gee aan wie sy goed dink. Sy het die reg om geld te skenk aan liefdadigheid. Sy mag haar eie geld spandeer soos wat sy goed dink en geen persoon het die reg om haar van hierdie vryheid te ontneem nie.

‘n Bruidskat word deur die bruidegom aan die bruid gegee. Hierdie geld behoort uitsluitlik aan die bruid en sy mag dit spandeer soos sy goed dink.

Wanneer ‘n Muslim vrou in die huwelik tree behou sy haar nooiensvan. Sy neem nie haar man se familienaam aan nie.

Islam moedig mans aan om hul vroue met vriendelikheid en ordentlikheid te behandel en hul regte te handhaaf. Die Profeet het gesê:

***“Die beste [in karakter] onder julle***

***is hulle wie die hul vroue die beste behandel.”*** (1)

‘n Moeder se status in Islam is verhewe en geëerd. In al sy leringe het die Profeet sy volgelinge vermaan om hul moeders beter te behandel as enige iemand anders. ‘n Man het op ‘n dag na die Profeet toe gekom en hom gevra:

“O Boodskapper van God! Wié onder die mense is my goeie geselskap waardig?” Die Profeet het geantwoord: “Jou moeder.”

(1) Ibn Majah, #1978, en Al-Tirmizi, #3895

Die man vra toe verder: “En [na my moeder] dan wie?” Die Profeet antwoord toe: “Jou moeder.”Die man vra toe weer: “En [ná haar] dan wie?” Weereens sê die Profeet: “Jou moeder.” Toe vra die man weer: “En dan wie?” Daarop antwoord die Profeet: “Dan jou vader.” (1)

(Vir verdere inligting aangaande die status van ‘n vrou in Islam,

besoek ons webwerf www.islam-guide.com/women )

## Die Gesin volgens Islam

Die gesin, wat die basiese eenheid van die beskawing is, is besig om te disintegreer. Islam se gisinstruktuur plaas die regte van die man, vrou, kinders en ander gesinsverwantskappe in ‘n gesonde ewewig. Dit bevorder onselfsugtige gedrag, vrygewigheid, verdraagsaamheid en liefde binne die raamwerk van ‘n goed georganiseerde gesinstrukruur. Die vrede en sekuriteit wat ‘n stabiele gesinseenheid bied word hoog op prys gestel en dit word gesien as noodsaaklik vir die geestelike groei van elke lid van die gesin.

‘n Harmoniese sosiale orde word geskep deur die bestaan van uitgebreide gesinne en deur die koestering van ons kinders.

## Hoe behandel Muslims Bejaardes?

In die Muslim geledere vind ‘n mens selde ouetehuise. Die spanning wat gepaard gaan met die versorging en omgee van ‘n mens se ouers tydens die moeilikste tyd van hulle lewens word beskou as ‘n eer en ‘n seën, asook ‘n geleentheid vir groot geestelike groei.

---

(1) Sahih Muslim, #2548, en Sahih Al-Bukhari, #5971

In islam is dit nie genoeg dat ons net vir ons ouers bid nie. Dit is ons plig om met onbeperkte deernis teenoor hulle op te tree en altyd te onthou dat hulle ons bó hulself verkies het toe ons hulpelose kinders was.

Soos reeds uitgewys onder die opskrif Status van Vroue in Islam, word ons moeders veral vereer. Wanneer Muslim-ouers 'n hoë ouderdom bereik, moet hulle met genade, vriendelikheid en onbaatsugtigheid behandel word. Dit is die plig van elke Muslim om sy ouers te dien, en dit is 'n ouer se reg om dit van hulle kinders te verwag. Slegs gebed is belangriker as hierdie plig.

Om enige irritasie teenoor jou ouers uit te spreek word as veragtelik aanskou. Ons moet verstaan dat bejaardes moeiliker raak en dat dit nie hul eie fout is nie.

God het gesê:

***﴾...En jou Heer het beveel dat jy niemand buiten Hom sal aanbid nie, en dat jy jou ouers met welwillendheid sal behandel. En indien een van hulle, of albei, 'n hoë ouderdom bereik in jou sorg, sê dan nie vir hulle 'foei' nie [moet hulle nie afjak nie] en moet hulle ook nie berispe nie, maar spreek hulle met sagmoedigheid aan. En wees nederig teenoor hulle in barmhartigheid, en bid: 'O my Heer! Wees genadig teenoor hulle soos wat hulle my genadig was toe ek jonk was en hulle my opgevoed het' ...﴿***

***Qur'an, 17:23, 24***

# Wat is die Vyf Pilare van Islam?

Die Vyf Pilare van Islam is die raamwerk waarbinne elke Muslim lewe. Hierdie vyf pilare is:

- Die geloofsbeleidenis
- Gebed
- Zakaah (ondersteuning van behoeftiges)
- Vasting tydens die maand van Ramadhaan
- Hajj (Pelgrimstog na Mekka, een keer tydens elke Muslim se leeftyd, indien hy daartoe in staat is)

## (1) Die Geloofsbeleidenis

Die geloofsbeleidenis van ‘n Muslim is:

***La ilaaha illa Allah***
***Muhammadur Rasoolu Allah***

Om waarlik ‘n Muslim te wees moet ons onwrikbaar glo dat daar geen ander god (of wese) bestaan wat waardig is om aanbid te word behalwe God (Allah)[1] nie. Ons moet glo dat God Enkelvoudig en Uniek is en dat Hy geen vennoot het wat deel in Sy Almag of in enige van Sy Verhewe Kwaliteite nie. Ons moet met oortuiging glo dat God nie gebore is uit ‘n mens nie en dat Hy ook nie ‘n seun (of kinders) verwek het nie, want Hy is verhewe bo menslike kwaliteite. Hierdie geloof word saamgevat in die woorde ***La ilaaha illa Allah.***

Bo en behalwe ons geloof in Een God, moet ‘n Muslim glo dat Muhammad die Boodskapper en die Profeet van God is. Hierdie geloof word saamgevat in die woorde

---

(1) Vir meer inligting aangaande die vertaling van die woord Allah, verwys na bl. 48 & 49

***Muhammadur Rasoolu Allah***.

Wanneer 'n mens Islam wil aanvaar as jou geloof moet jy hierdie geloofsbeleidenis **(die Shahada)** hardop en met oortuiging in jou hart uitspreek. Die geloofsbeleidenis is die mees belangrike Pilaar van Islam.

## (2) Gebed

Muslims bid vyf keer per dag en elke gebed duur slegs 'n paar minute. In Islam word gebed beskou as die direkte skakel tussen die dienskneg en God. Die Profeet Muhammad ﷺ het gesê:

**"Bilal, roep (die mense) tot gebed, sodat ons daardeur vertroos kanword."**[(1)]

Bilal was een van die Profeet Muhammad ﷺ se metgeselle en hy was aangestel om die mense tot gebed te roep. Gebede word geoffer teen dagbreek, middag (wanneer die son sy hoogste punt bereik), die middel van die middag, teen sonsondergang en vroeg-aand.

'n Muslim kan omtrent op enige plek sy gebede offer – in die veld, op kantoor, in fabrieke of universiteite – solank die plek waar jy bid skoon is.

(Vir meer inligting aangaande gebed in Islam,

besoek ons webwerf www.islam-guide.com/prayer )[(2)]

---

(1) Abu-Dawood, #4985, en Mosnad Ahmad, #22578

(2) Of verwys na die boek A Guide to Prayer in Islam, geskryf deur M.A.K.Saqib. Vir u eie eksemplaar, besoek ons webwerf.

## (3) Zakaah




Alles wat bestaan behoort aan God. Om daardie rede is rykdom slegs aan die mens gegun as 'n trust (dit word aan ons gegun deur God se genade, en dit is ons plig om dit korrek te spandeer).

Die oorspronklike betekenis van die woord **Zakaah** is beide reiniging en aanwas. **Zakaah** is 'n gespesifiseerde persentasie (2.5%) wat verskuldig is op goud, silwer, en kontantfondse wat 'n totale waarde van ongeveer 85g goud bereik het (die kontant waarde van 85g goud), en vir 'n tydperk van een maanjaar in jou persoonlike besit was. Hierdie geld word dan uitbetaal aan die behoeftiges in die gemeenskap.

Deur 'n klein gedeelte van ons inkomste opsy te sit vir die behoeftiges, word ons inkomste en eiendom gesuiwer. Net soos wat die snoei van 'n boom nuwe groei aanmoedig, só word Zakaah as 'n terugsnoeiing van ons inkomste beskou. Zakaah suiwer ons inkomste en hierdie suiwering bring groei.

Met betrekking tot vrywillige liefdadigheid: Daar is geen beperking op die bedrag wat 'n mens aan die behoeftiges mag spandeer nie. Daar is geen persentasie gekoppel aan vrywillige liefdadigheid nie. Vrywillige liefdadigheid **(Sadaqah)** mag op enige stadium uitgehandig word, maar Zakaah word slegs een maal per jaar betaal.

## (4) Vasting tydens die maand van Ramadhaan



Elke jaar tydens die maand van Ramadhaan [1] vas Muslims van sonsopkoms tot sonsondergang. Vasting, volgens Islam, beteken dat ‘n mens jouself weerhou van voedsel, drank en seksuele omgang.

Alhoewel daar gesondheidsvoordele is aan vasting, is die doel van hierdie maand van vasting geestelike self-reiniging. Deur jouself te weerhou van wêreldse gemak – selfs vir ‘n kort tydperk – ontwikkel ‘n persoon ware meegevoel teenoor dié wat daagliks honger ly weens armoede. Die vastende persoon se geestelike insig groei in die proses en sodoende beweeg hy nader aan sy Skepper en Onderhouer. Dit is eers wanneer ‘n mens die nood van andere verstaan wat jy werklik opreg dankbaar kan wees vir dit wat jy van God ontvang uit Sy Genade.

(1) Ramadhaan is die negende maand van die Islamitiese kalender (Hijri-kalender). Die Hijri-kalender is ‘n Maankalender en is nie in lyn met die seisoene nie. ‘n Maanjaar (12 volle siklusse van die maan) is ongeveer 354 dae lank, terwyl die Sonkalender wat deur die westerse wêreld gevolg word uitgewerk is volgens die tyd wat dit neem vir die aarde om een keer om die son te wentel. Die Sonkalender is ongeveer 365 dae lank.

## (5) Die Pelgrimstog na Mekka (Hajj)

Die Pelgrimstog na Mekka (Hajj) is verpligtend vir elke Muslim wat fisies en finansieel daartoe in staat is. Hierdie verpligtende Hajj moet slegs **een keer** in 'n Muslim se leeftyd afgelê word.



Pelgrims is besig om te bid in die Haram (Moskee in Mekka). In hierdie Moskee is die Ka'bah geleë (die swart gebou in die middel). Dwarsoor die wêreld draai Muslims in die rigting van hierdie gebou (die Ka'bah) wanneer hulle bid. Die Ka'bah is 'n Plek van Aanbidding wat deur die Profeet Abraham en sy seun Ismael gebou was volgens God se bevel.

Omtrent twee miljoen Muslims voltooi jaarliks hierdie Pelgrimstog en hulle kom vanaf al die uithoeke van die aarde. Alhoewel Mekka dwarsdeur die jaar gevul is met besoekers, word die jaarlikse Hajj slegs afgelê tydens die twaalfde maand van die Hijri-kalender. Tydens die Hajj, dra alle manlike pelgrims 'n eenvoudige wit kleed wat spesifiek daarop gemik is om almal gelyk te maak voor God deur alle tekens van klas en kultuur te verwyder.

Die rites van die Hajj sluit die volgende in:

Die Ka'bah word sewe keer kloksgewys omwentel, en die afstand tussen die heuwels van Safa en Marwa word sewe keer afgelê – net soos wat Hagar [die moeder van Islmael, oudste seun van Abraham] gemaak het toe sy na water gesoek het.

Al die Pelgrims vergader by Arafat [(1)] waar hulle God smeek om vergifnis en bid dat Hy hulle te hulp te snel in hul nood. Hierdie byeenkoms op die vlakte van Arafat word gesien as 'n simboliese voorskou van die Oordeelsdag wanneer elke siel voor God sal staan om rekenskap te gee vir sy dade.

'n Dier word geslag ter herdenking aan die geleentheid toe God aan Abraham die opdrag gegee het om sy seun te offer. Deur Sy eindelose Genade, het God 'n ram in sy plek geplaas. Muslims dank

(1) Arafat is 'n granietheuwel sowat 20km Suid-oos van Mekka af.

God tydens hierdie geleentheid vir Sy Genade omdat Hy nie van ons verwag om iets te offer wat bó ons vermoë is nie.

Die einde van Hajj word gevier met gebede. Hierdie dag word Eid Al-Adha genoem. **Eid Al-Adha** (aan die einde van Hajj) en **Eid Al-Fitr** (aan die einde van Ramadhaan) is die enigste twee feesdae in die Muslim Hijri-kalender.

(Vir meer inligting aangaande die vyf Pilare van Islam,

besoek ons webwerf www.islam-guide.com/pillars )

## Islam in die Verenigde State van Amerika



Dit is nie moontlik om ‘n veralgemening te maak aangaande Muslims in die VSA nie. Onder die Muslims is daar dié wat Islam aanvaar het, immigrante wat as Muslims na die VSA geëmigreer het, fabriekswerkers wat slegs weens werksgeleenthede in die land is, mediese dokters ens.

Die Muslim gemeenskap in Amerika is dus ‘n gevarieerde groep mense vanuit verskillende klasse en kulture wat verenig is deur een geloof en deur ‘n landswye netwerk van Moskees.

Muslims het reeds voor die 18e eeu in Noord-Amerika gevestig. Sedert die 18e eeu het ‘n groot hoeveelheid Amerikaners Islam as hul geloof aanvaar. Hulle het gekom uit verskillende klasse – welgesteld, arm, geskoold en ongeletterd. Huidiglik is daar ongeveer vyf en ‘n half miljoen Muslims in die VSA.[1]

(1) The World Almanac and Book of Facts, Famighetti, bl. 644

# Vir Verdere Inligting aangaande Islam

Indien u enige vrae het aangaande die inhoud van hierdie boek, enige kommentaar wil lewer, of 'n eksemplaar van hierdie boek in enige ander taal wil bekom, besoek asseblief ons webwerf www.islam-guide.com/copies.

U kan ook enige van die volgende organisasies kontak:

## Verenigde State van Amerika:

**Islamic Assembly of North America**

3588 Plymouth Road, Suite # 270, Ann Arbor, MI 48105, VSA

Tel.: (734) 528-0006 - Faks: (734) 528-0066

E-pos: IANA@IANAnet.org

**Islamic Foundation of America**

Posbus: 3415, Merrifield, VA 22116, VSA

Tel.: (703) 914-4982 - Faks: (703) 914-4984

E-pos: info@ifa.ws

**Alharamain Islamic Foundation**

1257 Siskiyou Blvd., nr. 212, Ashland, OR 97520, VSA

Tel.: (541) 482-1116 - Faks: (541) 482-1117

E-pos: haramain@alharamain.org

**Islamic Information Institute of Dar-us-Salam**

5301 Edgewood Rd., College Park, MD 20740-4623, VSA

Tel.: (301) 982-9463 - Faks: (301) 982-9849

E-pos: iiid@islamworld.net

**World Assembly of Muslim Youth**

Posbus: 8096, Falls Church, VA 22041-8096, VSA

Tel.: (703) 820-6656 - Faks: (703) 783-8409

E-pos: support@wamyusa.org

**Al Jumuah Magazine**

Posbus: 5387, Madison, WI 53705-5387, VSA

Tel.: (608) 277-1855 - Faks: (608) 277-0323

E-pos: info@aljumuah.com

(of besoek www.islam-guide.com/centers vir die adresse van Islamitiese Organisasies in u omgewing.)

## Kanada:

**Islamic Information and Da'wah Center International**

1168 Bloor Street West, Toronto, Ontario M6H 1N1, Kanada

Tel.: (416) 536-8433 - Faks: (416) 536-0417

E-pos: comments@islaminfo.com

## Verenigde Koninkryk:

**Al-Muntada Al-Islami Centre**

7 Bridges Place, Parsons Green, London SW6 4HW, VK

Tel.: 44 (0207) 736 9060 - Faks: 44 (0207) 736 4255

E-pos: muntada@almuntada-alislami.org

**Jam'iat Ihyaa' Minhaaj Al-Sunnah**

Posbus: 24, Ipswich, Suffolk IP3 8ED, VK

Tel. en Faks: 44 (01473) 251578

E-pos: mail@jimas.org

## Saoedi Arabië:

**Alharamain Islamic Foundation**

Posbus: 69606, Riyadh 11557, Saoedi Arabië

Tel.: (966-1) 465-2210 - Faks: (966-1) 462-3306

E-pos: haramain@alharamain.org

**World Assembly of Muslim Youth**

Posbus: 10845, Riyadh 11443, Saoedi Arabië

Tel.: (966-1) 464-1669 - Faks: (966-1) 464-1710

E-pos: info@wamy.org

## Vir Voorstelle en Kommentaar:

Indien u enige voorstelle of kommentaar het aangaande die inhoud van hierdie boek, kontak gerus die skrywer, I.A. Ibrahim


- E-pos: ib@i-g.org
- Tel.: (966-1) 454-1065
- Faks: (966-1) 453-6842
- Posbus: 21679, Riyadh 11485, Saoedi Arabië


Indien u enige verdere inligting verlang aangaande Islam, of enige addisionele eksemplare van hierdie boek wil bekom, mag u ook die skrywer kontak.

## Aanvullende Leesstof Aangaande Islam:


**The True Religion**, Bilal Philips.

**This is the Truth**, gepubliseer deur Alharamain Islamic Foundation.

**The Qur'an and Modern Science**, Dr. Maurice Bucaille [geredigeer deur Dr. A.A.B. Philips].

**Towards Understanding Islam**, Abdul A'la Al-Mawdudi.

**Life After Death [pamflet**], deur die World Assembly of Muslim Youth.

**The Muslim Belief**, deur Muhammad Al-Uthaimin [vertaal deur Dr. Maneh Al-Johani].

**Interpretation of the Meanings of The Noble Qur'an in the English Language,** deur Dr. Muhammad Al-Hilali en Dr. Muhammad Khan.


(Vir u eie ekseplaar van enige van die bogenoemde pamflette of boeke,

besoek ons webwerf www.islam-guide.com/books

of kontak enige van die bogenoemde organisasies.)

# Verwysings


Ahrens, C. Donald. 1988. **Meteorology Today**. Derde uitgawe. St. Paul: West Publishing Company.

Al-Hilali, Muhammad T. en Muhammad M. Khan. 1994. **Interpretation of the Meanings of The Noble Qur'an in the English Language.** Vierde geredigeerde uitgawe. Riyadh: Maktaba Dar-us-Salam

Al-Zarkashy, Badr Al-Deen. 1990. **Al-Borhan fee Oloom Al-Qur'an.** Eerste uitgawe. Beirut: Dar El-Marefah.

Anderson, Ralph K. et al. 1978. **The Use of Satellite Pictures in Weather Analysis and Forecasting**. Geneva: Secretarial of the World Meteorological Organization.

Anthes, Richard A.; John J. Cahir; Alistair B. Fraser; en Hans A. Panofsky. 1981. **The Atmosphere**. Derde uitgawe. Columbus: Charles E. Merrill Publishing Company.

Barker, Kenneth et al. 1985. **The NIV Study Bible, New International Version.** Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Bodin, Svante. 1978. **Weather and Climate**. Poole, Dorest: Blandford Press Ltd.

Cailleux, Andre'. 1968. **Anatomy of the Earth**. London: World University Library.

Couper, Heather en Nigel Henbest. 1995. The Space Atlas. London: Dorling Kindersley Limited.

Davis, Richard A. Jr. 1972. **Principles of Oceanography.** Don Mills, Ontario: Addison-Wesley Publishing Company.

Douglas, J. D. en Merrill C. Tenney. 1989. **NIV Compact Dictionary of the Bible.** Grand Rapids, Michigan: Zondervan

Publishing House.

Elder, Danny en John Pernetta. 1991. **Oceans**. London: Mitchell Beazley Publishers.

El-Naggar, Z. R. 1991. **The Geological Concept of Mountains in the Qur'an.** Eerste uitgawe. Herndon: International Institute of Islamic Thought.

Famighetti, Robert. 1996. **The World Almanac and Book of Facts 1996.** Mahwah, New Jersey: World Almanac Books.

Gross, M. Grant. 1993. **Oceanography, a View of Earth.** Sesde uitgawe. Englewood Cliffs: Prentice-Hall Inc.

Hickman, Cleveland P. et al. 1979. **Integrated Principles of Zoology**. Sesde uitgawe. St. Louis: The C. V. Mosby Company.

Ibn Hesham, Abdul-Malek. Al-Serah **Al-Nabaweyyah.** Beirut: Dar El-Marefah.

Kuenen, H. 1960. **Marine Geology.** New York: John Wiley & Sons Inc.

Leeson, C. R. en T. S. Leeson. 1981. **Histology**. Vierde uitgawe. Philadelphia: W. B. Saunders Company.

Ludlam, F. H. 1980. **Clouds and Storms.** London: The Pennsylvania State University Press.

Makky, Ahmad A. et al. 1993. **Ee'jaz al-Qur'an al-Kareem fee Wasf Anwa' al-Riyah, al-Sohob, al-Matar.** Makkah: Commission on Scientific Signs of the Qur'an and Sunnah.

Miller, Albert en Jack C. Thompson. 1975. **Elements of Meteorology**. Tweede uitgawe. Columbus: Charles E. Merrill Publishing Company.

Moore, Keith L. 1983. **The Developing Human, Clinically Oriented Embryology, With Islamic Additions.** Derde uitgawe. Jeddah: Dar Al-Qiblah.

Moore, Keith L. en T. V. N. Persaud. 1993. **The Developing Human, Clinically Oriented Embryology.** Vyfde uitgawe. Philadelphia: W. B. Saunders Company.

Moore, Keith L.; A. A. Zindani et al. 1987. **Al-E'jaz al-Elmy fee al-Naseyah (The scientific Miracles in the Front of the Head)**. Makkah: Commission on Scientific Signs of the Qur'an and Sunnah.

Moore, Keith L.; E. Marshall Johnson; T. V. N. Persaud; Gerald C. Goeringer; Abdul-Majeed A. Zindani; en Mustafa A. Ahmed. 1992. **Human Development as Described in the Qur'an and Sunnah.** Makkah: Commission on Scientific Signs of the Qur'an and Sunnah.

Neufeldt, V. 1994. **Webster's New World Dictionary, Third College Edition**. New York: Prentice Hall.

Noback, Charles R.; N. L. Strominger en R. J. Demarest. 1991. **The Human Nervous System, Introduction and Review.** Vierde uitgawe. Philadelphia: Lea & Febiger.

Ostrogorsky, George. 1969. **History of the Byzantine State**. Vertaal uit Duits deur Joan Hussey. Geredigeerde uitgawe. New Brunswick: Rutgers University Press.

Press, Frank en Raymond Siever. 1982. **Earth**. Derde uitgawe. San Francisco: W. H. Freeman and Company.

Ross, W. D. et al. 1963. **The Works of Aristotle Translated into English: Meteorologica.** Vol. 3. London: Oxford University Press.

Scorer, Richard en Harry Wexler. 1963. **A Colour Guide to Clouds**. Robert Maxwell.

Seeds, Michael A. 1981. **Horizons, Exploring the Universe.** Belmont: Wadsworth Publishing Company.

Seeley, Rod R.; Trent D. Stephens en Philip Tate. 1996. **Essentials of Anatomy & Physiology.** Tweede uitgawe. St. Louis: Mosby-Year Book Inc.

Sykes, Percy. 1963. **History of Persia**. Derde uitgawe. London: Macmillan & CO Ltd.

Tarbuck, Edward J. en Frederick K. Lutgens. 1982. **Earth Science**. Derde uitgawe. Columbus: Charles E. Merrill Publishing Company.

**The Holy Bible, Containing the Old and New Testaments (Revised Standard Version).** 1971. New York: William Collins Sons & Co. Ltd.

The Islamic Affairs Department, Embassy of Saudi Arabia, Washington, DC. 1989. **Understanding Islam and the Muslims**. Washington, DC: The Islamic Affairs Department, Embassy of Saudi Arabia.

**The New Encyclopaedia Britannica**. 1981. Vyftiende uitgawe. Chicago: Encyclopaedia Britannica Inc.

Thurman, Harold V. 1988. **Introductory Oceanography**. Vyfde uitgawe. Columbus: Merrill Publishing Company.

Weinberg, Steven. 1984. **The First Three Minutes, a Modern View of the Origin of the Universe.** Vyfde druk. New York: Bantam Books.

Zindani, A. A. **This is the Truth** (video opname). Makkah: Commission on Scientific Signs of the Qur'an and Sunnah.

## Die Benommering van die Ahadith:

'n Hadith is 'n betroubare verslag, soos oorvertel deur die volgelinge en metgeselle van die Profeet Muhammad ﷺ, wat alles wat hy tydens sy leeftyd en roeping as Profeet gesê, gedoen, goedgekeur en afgekeur het opsom. Hierdie omvattende verskeidenheid van verslae was versamel en saamgevat in Bundels deur Muslim Teoloë.

Die benommering van die Ahadith (meervoud van Hadith) in hierdie boek is gebaseer op die volgende:

- Saheeh Muslim: Volgens die benommering van Muhammad F. Abdul-Baqy.

- Saheeh Al-Bukhari: Volgens die benommering van Fath Al-Bari.
- Al-Tirmizi: Volgens die benommering van Ahmad Shaker.
- Mosnad Ahmad: Volgens die benommering van Dar Ehya' Al-Torath Al-Araby, Beirut.
- Mowatta' Malek: Volgens die benommering van Mowatta' Malek.
- Abu-Dawood: Volgens die benommering van Muhammad Muhyi Al-Deen Abdul-Hameed.
- Ibn Majah: Volgens die benommering van Muhammad F. Abdul-Baqy.
- Al-Daremey: Volgens die benommering van Khalid Al-Saba Al-Alamy en Fawwaz Ahmad Zamarly